

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 36 NO 1 • JANUARY / FEBRUARY 2022

**OOS-VRYSTAATSE STANDPROEF
ONDER AANVULLENDE
BESPROEING IN REITZ**

**THE POTATO LEAF MINER:
ORIGIN OF THE FIRST FLY
INFESTATIONS OF THE SEASON**

Tegnologiese ontwikkeling: | Effect of fungicide application | Engagement with New Era
Gebruik van QR-kodes | on potato cultivars at Cedara | farmers in Limpopo

die stamina vir vroeë roes beheer



Tweeledige aksie: difenokonasool genees bestaande vroeë roes infeksies terwyl ADEPIDYN™ tegnologie volgehoue beskerming verseker.

Regte plek, regte tyd: ADEPIDYN™ tegnologie se stadige sistemiese beweging deur die blaar se waslaag verleen kragtige blaarbeskerming en verseker sodoende die biomassa wat ontwikkelende knolle benodig.

Karboksamied tegnologie, herontwikkel: ADEPIDYN™ tegnologie is 'n nuwe klas karboksamied. Sy hoë affiniteit vir die waslaag van blare verskaf langer nawerking en verbeterde reënvastheid binne 1 uur. Slim tegnologie, ongeag die weer.

Doeltreffend. Slim. MIRAVIS® Duo.



 **Miravis® Duo**

syngenta®

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.
MIRAVIS® Duo bevat Adepidyn™ (pydiflumetofen) en difenoconasool (Reg. nr. L10750, Wet 36 van 1947) SKADELIK.
MIRAVIS® Duo is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000.
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA | www.syngenta.co.za

"PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION"

www.rebelo.co.za



Suppliers of Leading Vegetable Equipment and Packaging



Onion Top Tailer



Windrower



Sennah
Handling Systems CC



Sorma Group



Sennah Baggers

Sorma Pack Lines



Struik Rotovators



Packaging

Rebelo Agricultural Group TARTLTON
Corner N14 and Waterval Road
Tarlton, Krugersdorp
Rebelo Agricultural Group JOHANNESBURG
Joburg Fresh Produce Market
Hall 1, Door 112A

Call us Today:
Packaging: (+27) 071 331 1997/0
Machinery (+27) 072 525 9047
Parts and Services (+27) 079 513 5157



BH4 HiTech

115kW to 155kW

3 Speed automatic power shift

170 Litres per minute closed hydraulic with separate oil tank

AGCO Power engine

HiComfort Cab

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

📞 0861 VALTRA ATTIE: 083 2619863
🌐 www.valtrac.co.za 📍 Valtrac South Africa 📱 Valtrac

Southern Cape: **Theunis** 071 435 0735
Eastern Cape: **Johan** 060 923 4659
Hartswater: **De Wet** 082 613 8394
KZN Ladysmith: **Johan** 084 442 7838
Bethlehem: **Wessel** 082 940 1696

Parys: **Johan** 071 671 8080
KZN North: **Joe** 082 303 2391
KZN South: **Billy** 082 667 7764
Harrismith: **Jaap** 082 824 6440
North West: **Ciel** 082 921 6321
Mpumalanga: **Pierre** 082 543 4146
Namibia and Botswana: **Tom** 082 928 1775



Pitkos vir die nuwe jaar

Deur Willie Jacobs, HUB van Aartappels SA

Teen die tyd dat lesers hierdie uitgawe van *CHIPS* in hulle hande vashou, het almal hopelik 'n wonderlike feesseisoen en rustyd saam met familie en vriende geniet. Ek hoop ook van harte dat dit 'n tyd van blydschap en wonderlike herinneringe was, en nie een van kommer oor die afgelope twee jaar en die jaar wat voorlê nie.

Ons stap 2022 in met die hoop dat dinge net beter kan raak. Ek glo dat die meeste produsente ietwat vuisvoos is, ten spyte van die feit dat die aartappelbedryf geseën is met goeie oeste, goeie produsentepryse en die wil om te transformeer. Dit is ongelukkig so dat dinge soos politiek, pandemies en pestilensies enige produsent se spreekwoordelike appelkar kan omgooi. Die geheim is om dinge te sien vir wat dit is, en nie vir hóé ons dit sien nie.

Hou by die reëls

Die afgelope twee jaar se pandemie-drama is byvoorbeeld dikwels aangevuur deur mediaberigte wat paniek gesaai het, waninligting oorgedra het en onmin gestook het. Kyk 'n mens verby die sensasie, dan besef jy dat 'n koelkop die enigste manier is om 'n krisis te hanteer. En om by die reëls te hou, natuurlik. Reëls bring nie net orde nie, maar meestal ook kalmte en uiteindelik insig.

Daar is 'n paar sake op die aartappelagenda wat menige produsent en bedryfsrolspeler in 2021 rooi onder die kraag gehad het. Dink maar aan die storting

van bevrore aartappelprodukte. Dis 'n saak van erns en dit krap ons om. Dikwels voel dit of die bedryf se hande afgekap is as dit kom by mededinging met groot lande wat produkte goedkoop kan stort. Ons werk immers hard en lewer 'n topgehalte produk.

Maar as die emosie eers gaan lê en rede tree in, besef 'n mens vinnig dat dit besigheid is – en besigheid is 'n harde wêreld. Terselfdertyd draai die regulatoriese wiele net te stadig na ons sin. Soms is dit dan nodig om diep asem te haal en te kies waar jy hierdie veldslag gaan veg.

Hou jou oog op die bal

Een so 'n geveg wat ons verseker kan wen, is om lojaliteit in ons eie land te skep. Beweeg naby aan die boorlinge van jou land en maak seker hulle weet hoe hard hierdie bedryf werk, en hoe uitstekend die produk is wat gelewer word. Daarom sal Aartappels SA in 2022 weer sy moue oprol en sorg dat elke verbruiker in ons land weet hoe gesond en goed ons produk is.

Ons hoop ook om ons inligtingstoere in 2022 voort te sit en voortdurend met produsente in kommunikasie te bly. Die gesprekke met produsente tydens 2021 se vergaderings was werklik insiggewend en die samesyn was kosbaar. Om te 'praat' op eposse en deur aanlyn-mediums is maklik en vinnig, maar niks kom by die waarde van 'n stewige handdruk en die geleentheid om iemand in die oë te kyk nie.

Intussen maak ons steeds mildelik gebruik van geleenthede

wat ons kry deur op televisie, radio en natuurlik in *CHIPS* en ander tydskrifte, met ons produsente te gesels. Ek glo dat ons dit in 2021 op 'n verantwoordelike wyse gedoen het en dat ons vanjaar op daardie trant sal voortbou. Enige produsent wat meen ons stem is nie hard genoeg nie, moet verseker sy of haar stem dik maak en ons laat weet.

Maak die reis ligter

As die afgelope twee jaar vir ons 'n aanduiding moet wees van die toekoms, dan het ons 'n bietjie huiswerk om te doen. Ek laat julle met 'n paar gedagtes en hoop dat dit inspirasie sal bied vir die talle nuwe uitdagings, hekkies en veldslae wat wag:

- Reis ligter – hoe minder aardse dinge jy het om saam met jou te dra, hoe makliker kan jy van roete verander en hoe vinniger kan jy by 'n nuwe rigting aanpas.
- Vryheid is 'n konsep wat vir ons elkeen uniek is. Vryheid is selfs binne 'n inperking te vinde. Vind jou passie en vryheid sal volg.
- Min dinge in die lewe gee soveel genot en tevredenheid as harde werk. 'n Ou Ierse gesegde lui: *You will never plough a field if you only turn it over in your mind.* Maak werk van jou planne.

Mag jy, jou gesin en familie, kollegas en besigheidskennisse 'n wonderlike en vrugbare 2022 beleef. Leef met oorgawe en moenie dat vrees vir die onbekende jou vryheid steel nie. **©**

A potato-perfect 2022

The year 2021 is behind us and ended on a good note, with a relatively normal December compared to 2020. This is certainly something to be thankful for. All endings precede new beginnings, and every new year brings with it new hope, revised challenges, and fresh resolutions.

I am sure everyone will share in my wish that 2022 will be better than the previous two years, and that things will be looking up for all of us.

Of course, it isn't enough to accept that a new year means a new beginning. A new year doesn't automatically present us with perfect conditions for new projects. It is, after all, just a number that has changed on the calendar and a clock that keeps ticking.

It is the act of beginning with something, that creates perfect conditions for it to grow and flourish. Don't wait for the calendar to change its digits.

PSA is raring to go

In the potato industry, it is certainly going to be a busy year and Potatoes SA (PSA) is getting ready to continue giving effect to its numerous cultivar trials,

marketing efforts, transformation projects and plans to improve communication with producers.

This first issue of *CHIPS* in 2022 is a loaded plate of fries – from the very first article on PSA's information days to the latest market information and updates on transformation successes.

The research and technical section in this issue sets the table for a number of challenges that potato producers will have to face this year, notably that of the devastating effects of the potato leaf miner and potato early die complex. In addition, there is the fine balance between too much rain and too little rain – both harmful in their own way and something that producers cannot control, other than sharpening their management tools.

It is in our power

Whatever the case, we cannot predict the future and beyond; we can only plan, manage to the best of our ability, and live our best life. It is in our power, for instance, to pre-empt and plan. It is in our power to overcome challenges and learn from them, rather than dwell on them and allow them to misguide our lives. It is in our power to stop saying "why me?" and replace it with "why not me?".

It is in our power to be alive and well today, rather than being fatalistic about tomorrow. May 2022 bring good fortune to those who work hard at making good fortune a reality.

Lynette Louw, editor
lynette@plaasmedia.co.za



Bydraers in hierdie uitgawe:

Aartappels SA: Willie Jacobs, FP Coetzee, Chantel du Raan, dr Fienie Niederwieser, Enrike Verster, Herman Haak, Janó Bezuidenhout, Hanrie Greebe, Rotondwa Raligidima, Masabatha Motsoeneng, Immaculate Zinde en Phindiwe Nkosi.

Ander bydraers: Prof Martin Steyn, Universiteit van Pretoria, Isobel van der Stoep, Isowat Consulting, P Brink, Yara, CropLife-swamdoderweerstand-aksiekomitee (FRAC), James Arathoon, Archana Nunkumar en Taslos Magubane, KwaZulu-Natal Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, Estianne Retief et al., en dr Diedrich Visser, Landbounavorsingsraad, drs Pia Addison en Antoinette Malan en Thabu Mugala, Universiteit Stellenbosch, Steve Terblanche, Fick en Seun Boerdery, Claire Julsing Strydom, dieetkundige, Kirsten Drury, bydraer, Charlene Steyn, LWO Werkgewersorganisasie, en André Erasmus en Anja Swarts, Prokon.

EDITORIAL COMMITTEE

Executive editor

Hanrie Greebe
076 116 7206
hanrie@potatoes.co.za

Editor

Lynette Louw
084 580 5120
lynette@plaasmedia.co.za

Publisher

Plaas Media (Pty) Ltd
217 Clifton Ave, Lyttelton, Centurion
Private Bag X2010, Lyttelton, 0140
Tel: 012 664 4793
www.plaasmedia.com

Deputy editor

Jayne du Plooy
jayne@plaasmedia.co.za

Sub-editors

May Nel
may@plaasmedia.co.za

Lize du Toit
lize@plaasmedia.co.za

Layout & design

Annemie Visser
annemie@plaasmedia.co.za

Sales manager & accounts

Marné Anderson
072 639 1805
marne@plaasmedia.co.za

Advertising

Karin Changuion-Duffy
082 376 6396
karin@plaasmedia.co.za

Susan Steyn
082 657 1262
susan@plaasmedia.co.za

Esmarie Moodie
076 330 0745
esmarie@plaasmedia.co.za

Rowena Simmons
079 568 6025
rowena@plaasmedia.co.za

Juan de Villiers
060 508 3188
juan@plaasmedia.co.za

Subscriptions

Beauty Mthombeni
064 890 6941
beauty@plaasmedia.co.za

Printed and bound by

Typo • +27 11 402 0571

CHIPS, Plaas Media and its staff and contributors do not necessarily subscribe to the views expressed in this publication.

© Copyright: No portion of this magazine may be reproduced in any form without the written consent of the publishers.

Published on behalf of

Potatoes SA
012 349 1906
6 De Havilland Crescent,
Perseus Techno Park,
Perseus Park, Pretoria
www.potatoes.co.za

To subscribe

CHIPS is the official magazine of Potatoes South Africa.

It aims to address issues that are relevant to the potato industry. To subscribe, please contact Beauty Mthombeni at 064 890 6941 or email beauty@plaasmedia.co.za.

Subscriptions are free.



INHOUDSOPGAWE TABLE OF CONTENTS

Topical • Aktueel / Regulatories • Regulatory

- 03 Preface / Voorwoord
- 04 Redakteursbrief / Editor's note
- 06 Potato news / Aartappelnuus
- 08 ASA-inligtingsdae maak kommunikasiekanale oop

Industry information • Bedryfsinligting

- 13 Markmonitor: Die eerste 46 weke van 2021 op varsproduktemarkte
- 18 Vergelyking van verskillende besproeiingstelsels: Deel 2

Research • Technical / Navorsing • Tegnies

- 26 Irrigation: A balancing act
- 29 Kernmateriaal van oop kommersiële kultivars
- 31 Minimise the risk of resistance of *Alternaria* blights to fungicides
- 34 The effect of fungicide application on potato cultivars at Cedara
- 44 Die vroeë-afsterwing siektekompleks van aartappels: Deel 1
- 49 The potato leaf miner: Origin of the first fly infestations of the season
- 54 Oos-Vrystaatse standproef onder aanvullende besproeiing op Reitz
- 66 CVO Vivo Boerebemarkingsdag nóg groter!
- 68 Tom Burke-proewe besigtig
- 69 Wat op aarde? Deel 6: Effek van mikroklimaat op siekte-ontwikkeling

Transformation • Transformasie

- 70 PIDT and NAMC engage with successful New Era farmers in Limpopo
- 77 Lauretha Mohlala: The sky is the only limit
- 78 Potatoes bring rural communities back to life

Marketing • Bemarking

- 80 Peeling the true essence of PSA's generic promotion efforts
- 82 Lead a healthy lifestyle in 2022 by adding potatoes to the mix
- 83 Tegnologiese ontwikkeling in bedryfsbemarking
- 84 Suid-Afrikaners vier #WeHeartAmazambane

General • Algemeen

- 85 Stappe ter voorbereiding vir die nasionale minimumloon
- 86 Prokon News / Prokon-nuus

ADVERTISERS / ADVERTEERDERS

Syngenta	Inside front cover
Rebello Agricultural Group	01
Valtrac	02
Aartappelnetwerk Suid-Afrika	11
Subtropico	12
Durban Market	14
Senter 360	17
Nile.ag	20
Goldpack	24
Nexus	28
AECI Plant Health	30
Haifa	32
RSA Aartappelsaad Beurs	32
Afrikelp	36
Uniekum	41
Bayer	42, 43
Miller Chemical	47
Yara	48
Nutrico	51
InteliGro	52
Myburgh Toerusting	63
Buckle Packaging	63
Wesgrow	64, 65
Oro Agri	67
Dormas	68
World Focus Agri	69
Novon Protecta	72
Syngenta	76
HF Southern Africa	79
First Potato Dynamics	81
LWO Employers Organisation	85
APAC	Inside back cover
GWK	Back cover



Disclaimer: The views and information contained in these news pages do not represent that of Potatoes SA, Plaas Media, or their affiliates.

US potato exports continue to improve

Exports of frozen potato products in the United States (US) increased by 30% for July to September 2021 compared to 2020. This was led by a 63% increase to Mexico, continuing exceptionally strong sales to this market throughout 2021. Exports to Canada and Central America were up 52% and 55%, respectively, with all countries in Central America posting growth.

Exports to Asian markets were up 18%, led by increases of 28% to China and 176% to the Philippines. Both markets were severely impacted by Covid-19, resulting in serious declines in 2020. Exports to Japan were up 14%, but due to problems with shipping and tight US supplies, restaurant chains in Japan are switching to products from Canada.

The only two markets to decline were Korea, down 14%, and Taiwan, down 3%. Both countries had limited impacts from Covid-19, with exports remaining strong in 2020. – *Potato Grower*

Water rights case heads to Concourt

The Department of Water and Sanitation (DWS) has filed an appeal to the Constitutional Court against a recent decision by the Supreme Court of Appeal (SCA), which held that water rights holders are entitled to transfer such rights. The ruling held that trading in such rights is not unlawful.

The SCA judgement followed three appeals in the Lötter, Wiid and South African Association of Water Users Associations cases relating to the correctness of a circular by the DWS in January 2018, in which the DWS determined that water use entitlements could not be transferred.

"The decision of the DWS to appeal to the Constitutional Court is not entirely unsurprising, given the fact that the SCA itself was divided on the matter," says Janse Rabie, head of Agri SA's Natural Resources Centre of Excellence. – *Press release, Agri SA*

PSA positive about process against dumping

The International Trade Administration Commission of South Africa (Itac) has initiated its own investigation into the alleged dumping of frozen potato chips from Belgium, the Netherlands and Germany onto the South African market. This is part of the process of renewing anti-dumping duties.

The commission failed to complete a sunset review application to retain anti-dumping duties for another five years in the prescribed time. This led to the dumping of cheap imported frozen chips in the local market.

Willie Jacobs, chief executive officer of Potatoes SA, says they are excited that Itac has been quick to take control of the situation. He says this is a positive indication as Itac is prioritising the renewal process. – *Ursula Human, CHIPS*

SABI elects youngest ever president

Michael Esmeraldo, Netafim South Africa's sales manager for the northern regions of the country, was elected as president of the South African Irrigation Institute (SABI). "We are incredibly proud of Michael and wish him well as president of SABI," says Etienne Erasmus, MD of Netafim South Africa and past president of SABI.

At 30, Michael is the youngest ever president of SABI. "I want to encourage younger players in the irrigation industry to be actively involved in organised industry activities. I also want to make young people who are still considering their career options aware of the many amazing opportunities in the irrigation industry.

"My message to the irrigation industry is to stay positive. We can and have a responsibility to make a massive impact in the agricultural industry and the country." – *Press release, Netafim SA*



Michael Esmeraldo.

CIP conserves potato genetics in cryobank

The International Potato Center (CIP) is conserving the future of potato genetic diversity in the world's largest potato cryobank and setting new standards to transform the way other priority clonal crops are safely stored. Like potato, many priority food security crops are clonal crops, meaning they cannot be conserved by seed.

One way is by conserving them as in vitro plantlets. The CIP maintains the world's most diverse in vitro collection in its gene bank. In addition to its in vitro collection, CIP has built the world's largest and most diverse potato cryobank collection where 3 600 accessions are held in safe long-term storage.

Cryopreservation uses liquid nitrogen to rapidly freeze tiny tissue samples taken from sterile in vitro plantlets. Once frozen, the samples can stay suspended in time until they are needed. – *Potato Grower*

New Zealand potato likely world's biggest

Colin and Donna Craig-Brown were weeding their garden near Hamilton, New Zealand, when they found something unusual beneath the soil's surface. Excavating the object, they were surprised by its size. When Colin tasted a piece, he realised it was a giant potato.

Their unusual discovery may be the largest potato on record, weighing a whopping 7.8 kg. The Guinness World Records entry for the heaviest potato was in 2011 for a potato weighing just under 5 kg. The couple has applied to Guinness to have theirs officially recognised.

Colin, an amateur brewer, hopes to give the potato a second life as a vodka. – *Smithsonian Magazine*



New Zealand potato industry faces challenges

The New Zealand potato industry saw supply chain disruptions, changing protocols for health and safety, and a polarisation of political and health ideologies during the pandemic. According to Potatoes New Zealand (PNZ), potato growers have been under immense pressure throughout 2021.

This was caused by ongoing pest challenges, weather events, the threat to the processing sector due to price-cut European imports (deemed not of enough material threat for government response), and massive disruption due to ongoing lockdowns and the spread of Covid-19.

However, data from 2020, presented in the PNZ's annual report, shows continued value growth despite pandemic setbacks in the export market, thanks to a strong domestic market. – *Potato News Today*

USDA grant for climate resistant potatoes

A recent United States Department of Agriculture (USDA) grant will provide \$500 000 for developing potato varieties that are more resistant to changing weather that could cause smaller potato crops, defects in the potatoes, or potato decay.

To research and develop these new varieties, traditional cross-pollination will be done in greenhouses at the University of Maine.

Dr Gregory Porter, a professor of agronomy at the university, expects some new climate change-toughened tubers could be ready for consumption within the next few years. – *Potato Business*

UK retailers commit to sustainable potatoes

The United Kingdom (UK) Robust Potato Pledge 2021 has been launched to help growers move away from potatoes that are susceptible to blight. Signees have agreed to favour organic spuds bred to be blight resistant, rather than selling more well-known varieties, helping the organic potato sector transition to 100% robust potato breeds over the next five years.

Waitrose, Riverford, Abel and Cole, Agrico, Sarpò, Skea Organics, RBOrganic, and Produce World have all signed up to the pledge at the Organic Grower's Alliance's Organic Matters Horticulture Conference. The pledge agreement builds on research from Organic-PLUS, a European Union project which aims to reduce the use of contentious inputs in organic and non-organic agriculture. – *Fresh Plaza*




Nigeria aims to be a top global producer

Nigerian minister of state for agriculture and rural development, Mustapha Baba Shehuri, said Nigeria will be among the world's top-three potato producing countries by 2025. He said this at the first International Potato Value-Chain and Root Crops Conference held in Jos, Plateau State capital.

The ministry had identified yield challenges in the industry, such as poor seed, diseases, inadequate storage facilities and mechanisation. The challenges, he said, should be addressed at both federal and state level.

Shehuri explained that some of the measures taken include the establishment of a tissue culture centre at the National Root Crop Research Institute's sub-station in Jos to solve seed problems. Others include a 20-ha irrigated land to support seed multiplication, and a 10-ton cold storage facility currently being built.

– *The Cable* 

ASA-inligtingsdae maak kommunikasiekanale oop

Deur Christal-Lize Muller, Koos du Pisanie en Hugo Lochner

Aartappels SA (ASA) het vroeër vanjaar 'n inligtingstoer in die land se aartappelproduksiestreke geloods. Ons het in die November/Desember-uitgawe van *CHIPS* oor die eerste been van dié toer in die Suid- en Oos-Kaap gerapporteer.

'n Rits vergaderings het daarna in die weste en noorde van die land gevolg waartydens produsente geleentheid gegun is om hul menings te gee oor die voortsetting van die statutêre heffing. Ander belangrike bedryfsake soos ingevoerde aartappelprodukte en produksie-aangeleenthede was ook op die agenda.

Wes-Vrystaatse produsente positief oor seisoen

Aartappelprodusente in die Wes-Vrystaat-streek is positief oor

die huidige seisoen, en glo verbruikers kan binnekort ook uitsien na die normalisering van die prys van aartappels. Van dié streek se aartappelprodusente het tydens ASA se inligtingsvergadering naby Welkom, aangedui dat hulle bankvas agter dié produsenteorganisasie staan. Hulle deel ook in ASA se visie.

ASA se hoof uitvoerende bestuurder, Willie Jacobs, het in sy aanbieding oor die strategiese rigting van ASA vir 2022, gesê dat ASA se funksies onder meer kultivarnavorsing wat produksie, volumes en gehalte dryf, insluit. Hierdie navorsing sluit siektetoestande in. Die doeltreffende deurgang van bedryfsinligting, wat 'n sterk komponent van generiese bemaking is, is ook deel van ASA se funksies.

Transformasie en sosiale ontwikkelingsprojekte is ook op dreef, het hy gesê. Daar word sterk gefokus

op bedryfsontwikkeling in 'n poging om die volhoubaarheid van die bedryf uit te brei.

Izak Cronjé, ASA se direkteur vir die Wes-Vrystaat-streek, boer in die Bultfontein-distrik, en het tydens die vergadering gesê geleentheid soos dié is belangrik, want aartappelprodusente word op grondvlak betrek en kry die geleentheid om insae te lewer ten opsigte van ASA se rol. Dit is ook die ideale platform vir produsente om haakplekke wat hulle op grondvlak ondervind, uit te lig.

Die statutêre heffing

Willie het gesê die vergaderings het ook ten doel om vas te stel of produsente tevrede is met die voorstel van die statutêre heffing en die aanwending daarvan. "In hierdie stadium kyk ons na die hersiening van die heffing vir 2023, en omdat ons 'n nuwe bedryfsplan moet opstel vir die aansoek by die Landbou-bemerkingsraad, is dit nodig om 'n duidelike instruksie vanaf ons produsente kry."

'n Statutêre heffing van 3.8% word voorgestel. Willie het gesê die voorgestelde verhoging is onder die inflasiekoers.

Storting van aartappelprodukte

Brandpunte in die bedryf is ook tydens die vergadering deur produsente uitgelig. Een daarvan was die invoer van aartappelprodukte vanaf die buiteland, en die feit dat Suid-Afrika sy invoerbeskerming teen bevrore aartappelskyfies vanaf België en Nederland verloor het. Dit volg nadat die Kommissie vir Internasionale Handelsadministrasie (Itac) sy eie hernuwingsproses van die teenstortingstariewe oorskry het. Willie het verduidelik dat



Betrokkenes by Aartappels SA (ASA) se Welkom-inligtingsdag. Van links is JF van der Merwe, ASA-voorsitter, Herman Haak, streeksbestuurder, Hein Oberholzer, hoof finansiële bestuurder, Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte, Kobus Crous, 'n produsent van Kroonstad, en Erhard en Izak Cronjé, produsente van Bultfontein. Izak is ook ASA se direkteur vir die Wes-Vrystaatstreek.

hierdie kwessie herhalend en soms korttermyn van aard is. "Ons het nou 'n siklus waarin ons beskerming verloor het, maar ons het die vorige vyf jaar wel beskerming geniet."

Cronjé het uit 'n produsente-oogpunt gesê hulle kan nie meeding met Europese produkte wat onder kosprys in Suid-Afrika gestort word nie. Plaaslike aartappelprodusente ontvang nie die finansiële steun wat hul eweknieë in Europa van daardie regerings ontvang nie. Die gesloer met regulatoriese prosesse deur die staat, beteken daar sal in die toekoms nóg vroeër aansoek gedoen moet word, het Cronjé bygevoeg.

Vooruitsigte vir die seisoen

Sowat 33 produsente in die gebiede rondom Kroonstad, Welkom, Theunissen, Bultfontein, Bloemhof en Christiana, het dié seisoen aartappels aangeplant en vooruitsigte lyk goed. Sowat 80% se oeste in dié streek is onder besproeiing, waarvan die grootste gedeelte in Bloemhof en Christiana is. Dit is ook in hierdie gebiede waar die meeste moerkwekers gevestig is, terwyl die res van die streek hoofsaaklik uit tafelprodusente, wat op die varsproduktemark gerig is, bestaan.

Die grootste droëlandgebied is die Oos-Vrystaat. Die streek lewer jaarliks sowat 7 300 ha se aartappels teenoor sowat 1 000 ha wat in die Kroonstad-omgewing gelewer word.

Hoewel die finale syfers eers later bekend sal wees, wil dit voorkom of dié seisoen se aartappelaanplantings in die Wes-Vrystaatstreek



Die Douglas-inligtingsdag was by GWK aangebied. Hier is Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van ASA, Hein Oberholzer, hoof finansiële bestuurder, Wrench Cilliers, produsent, Herman Haak, streeksbestuurder, Roscoe Lawrence en Ruben Rens, produsente, André Coetzee, ASA-direkteur, en Johan Jacobs.

soortgelyk aan die vorige seisoen s'n sal wees, het Cronjé gesê. Volgens hom was daar wel 'n droëlandprodusent in die Kroonstad-gebied, wat weens nat toestande nie kon plant nie.

"Ek dink almal is redelik positief vir die jaar wat voorlê. Die produsenteprys is tans goed, daar is genoeg besproeiingswater in al die gebiede beskikbaar en wat droëlandaanplantings betref, is die ondergrondse vog ook voldoende vir 'n goeie aartappeloes in ons streek."

Volgens Cronjé was daar al aan die begin van Oktober met enkele aanplantings in die streek begin, met die meeste aanplantings in die Christiana-gebied wat na verwagting in November sou plaasvind, en daarna op 'n maand-tot-maand grondslag tot in Januarie geskied.

Verligting vir verbruikers

Cronjé meen verbruikers het die afgelope tyd behoorlik opgedok vir

aartappels. Dit word aan 'n klompie faktore toegeskryf. Hoë reënval in Januarie vanjaar het oeste in Christiana en selfs in Kroonstad benadeel. In ander streke van die land, soos in die Oos-Vrystaat, was daar produsente wat versuipskade gehad het.

Die koue winter het rypskade in Limpopo veroorsaak. Cronjé glo die verbruikersprys vir aartappels kan in die komende maande weer normaliseer wanneer die streke hul oeste van die landerye begin afhaal.

Wingsgewendheid altyd uitdagend

Volgens Cronjé is die bedryf in hierdie stadium gesond, hoewel wingsgewendheid 'n probleem in sommige streke is, weens die produsenteprys wat steeds laer as aartappelprodusente se insetkoste is. Produsente, veral in die Oos-Vrystaat, was in hul bemarkingstydperk onder druk weens die lae prys wat hulle vir hul produkte ontvang het. Die groot styging in insetkoste bly ook 'n groot uitdaging vir aartappelprodusente, met veral die prys van kunsmis en landbouchemikalieë, wat veral vanjaar 'n groot styging getoon het.

Moerkwekerbedryf in Noord-Kaap gesond

Die meeste moerkwekers in Suid-Afrika word in die Noord-Kaap en Noordwes aangetref omdat dié gebiede redelik siektevry is.



Van links is JF van der Merwe, ASA-voorsitter, Jan van Zyl, voorsitter van die Sandveld Aartappelkwekersorganisasie (Sako) asook ASA-direkteur, en Joos Engelbrecht, 'n produsent van Lambertsbaai.



Drie verteenwoordigers van ASA is, van links, Hein Oberholzer, hoof finansiële bestuurder, Terrence Brown, verteenwoordiger in die Sandveld-omgewing en Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte.

Sowat 40% van die aartappels wat in die gebiede gekweek word, gaan na die mark en 60% word vir moerkweking aangewend. Ruben Rens, produkbestuurder van GWK, is al vir etlike jare by aartappel-produksie in die Noord-Kaap betrokke en sê dit is 'n gesonde bedryf in die provinsie.

“Die moerkwekers is in die gelukkige posisie dat die pryse wat hulle gaan kry, vasstaan en op dié manier kan die kwekers goeie vooruitbeplanning doen,” het Rens tydens die ASA-inligtingsvergadering op Douglas gesê.



Jan van Zyl, voorsitter van die Sandveld Aartappelkwekers-organisasie (Sako) en ASA-direkteur.

Vroeër jare was daar 'n groot aantal moerkwekers in die Noord-Kaap, maar omdat die produksiekoste soveel gestyg het, het baie van die kleiner boere uitgeval en is die aantal kwekers minder. Aan die ander kant het die groter kwekers meer lande geplant en is die aantal moere wat jaarliks gekweek word, voldoende vir die land se behoefte.

Willie het egter gesê dat dit moeilik is om te bepaal wat die werklike behoefte is wat betref die aantal moere wat gekweek moet word. Dit is ASA se ideaal om genoeg markinligting bymekaar te kry om deur die jaar 'n konstante produk op die tafel te kry.

Vooruitsigte vir 'n goeie omset

Volgens Rens is daar in die vorige seisoen minder moere in die Noord-Kaap geplant en hy verwag dat dit die prys van aartappels sal beïnvloed. Willie het saamgestem dat die bedryf vir moerkwekers 'n veilige en winsgewende bedryf is. Hy verwag dat daar in die komende seisoen 'n goeie omset sal wees en dat die vraag en aanbod in die mark vir boere 'n goeie prys vir aartappels sal voorsien.

Willie het ook bygevoeg dat ASA hom daartoe beywer om meer produksie aan te moedig en kwekers te help om die beste waarde uit beperkte beskikbare grond te kry, terwyl hulle terselfdertyd 'n konstante

produk in die mark kan lewer. Volgens hom is die aartappelbedryf in die Noord-Kaap- en Noordwes-provinsies op 'n gesonde voet, maar hy sou graag wou sien dat groter hoeveelhede moere gekweek word in die jare wat voorlê.

Intussen doen ASA moeite om die produk onder verbruikers te bemark, ten einde die marksegment te vergroot en vir die kwekers 'n groter mark te skep. Hy het bygevoeg dat ASA na moontlike uitvoermarkte na buurlande kyk. Dit sal na verwagting egter 'n baie klein segment van die mark wees, aangesien dit moeilik is om aartappels uit te voer. Die moontlikheid word tans ondersoek.

Sandveld-aartappelboere takel uitdagings

ASA het sy inligtingstoer afgesluit vir die jaar met 'n inligtingsvergadering in die Sandveld op die plaas Malkoppan naby Lambertsbaai. Na afloop van die vergadering het die Sandveld Aartappelkwekers-organisasie (Sako) ook sy algemene jaarvergadering gehou. Sako is 'n organisasie wat namens die Sandveld se aartappelprodusente binne die ASA-konstitusie funksioneer.

Jan van Zyl, uittredende voorsitter van Sako, het gesê dié diensorganisasie gaan verder uitgebrei word om produsente by te staan met sake wat buite ASA se mandaat as bedryfsorganisasie is. Dit sluit in die vestiging van 'n kanaal om met verskillende staatsdepartemente te onderhandel oor sake soos die toekenning van waterlisensies.

Sako is ook besig met 'n proses om 'n raamwerk vir omgewingsbestuur (Environmental Management Framework) daar te stel. “Covid-19 rem die proses, maar sodra die geleentheid daar is, sal daar verder met die departemente van landbou en omgewingsake onderhandel word om die raamwerk in plek te kry.”

Jan het gesê dit het tyd geword dat produsente as 'n eenheid verantwoordelikheid vir hul toekoms neem. “Sako kan 'n groot rol hierin speel en baie meer vir sy lede beteken as hulle dit sou verkies, maar dan sal produsente 'n vrywillige

heffing moet betaal om die koste van die addisionele dienste te dek."

'n Goeie jaar vir aartappelpryse

Jan het gesê die afgelope jaar se aartappelpryse was bogemiddeld. Uitsonderlike hoë pryse het in die tweede helfte van die winter voorgekom as gevolg van 'n abnormale koue winter met lae opbrengste en omdat aartappelmoere wat nie in Mei plantgereed was nie, in Junie saam met Junie se beplande aanplantings geplant is.

"Dit het veroorsaak dat die Sandveld en Limpopo Mei en Junie se beplande oeste eers in November kon oes."

Die voordeel van die bogemiddelde pryse word egter ongedaan gemaak deur vinnige stygings in produksiekoste (kunsmiss, chemikalieë, elektrisiteit en brandstof).

Winste onder druk

Jan het ook gesê die koste om 1 ton aartappels in die Sandveld

te produseer, is heelwat hoër as in die res van Suid-Afrika. Met die verwagte verhoging in produksiekoste, wat hoër is as die streek se gemiddelde wins per hektaar oor twaalf maande, sal dit vorentoe nie meer moontlik wees om aartappels winsgewend in die winter in die Sandveld te produseer nie.

"Dit kos regdeur die jaar dieselfde om 'n hektaar aartappels te produseer, maar die tonnemaat in die winter is die helfte as in die somer."

Volgens Jan is poeierskurf, rolblaar en aartappelrot die vernamste siektes in die Sandveld. Die afgelope jaar was tot 80% van die Sandveld-oes met poeierskurf besmet. Dit was die ergste voorkoms nog van die siekte. "Aartappelrot het die vorige somer ongeveer 15% se oesverliese veroorsaak en die plaag is weer voor ons deur."

Kosbaarste hulpbron


Die beskikbaarheid en oordeelkundige aanwending van water bly

'n uitdaging in die Sandveld. Jan het 'n beroep op elke produsent gedoen om water met groot verantwoordelikheid te gebruik.

Hy het gesê boere het reeds verskeie maatreëls ingestel om water te bespaar. "Dit kos nou tussen R12 000 en R16 000 per hektaar aartappels om water te pomp. Boere kan dus nie anders as om water verantwoordelik te gebruik nie."

Hy het 'n beroep op produsente gedoen om op 'n ordelike en georganiseerde wyse alle uitdagings die hoof te bied en nie in onwettige praktyke betrokke raak nie.

"Markte moet nie 'n stortplek vir swak gehalte aartappels word nie. Ons as produsente moet altyd daarna streef om die beste gehalte aartappels bekostigbaar en volhoubaar te produseer. Die verbruiker moet weet ons dra sy belange op die hart," het Jan gesê. 



Reg No. 1999/00034/23

AARTAPPELNETWERK SUID-AFRIKA BK

POTATONET SOUTH AFRICA CC

Eugene Marais Straat 31, Postnet Suite 125, Privatsak X1866, Middelburg, 1050


www.potatonet.co.za

VERPAKKINGSMATERIAAL:

- 10kg & 7kg aartappelsakkies, wit & bruin: 1-6 kleure.
- Charcoal-sakkies, alle groottes.
- Palletnet 1 000m, 2 000m en stretch-net.
- Kultivar, grootte en adresplakkers.
- 'Date packed'-plakkers en Blitz P8-guns.
- Stikmasjiene en stikgaring.

SADC GEREGEREERDE UITVOERDER VAN AARTAPPELMOERE NA ALLE AFRIKA LANDE.

Gratis Na-verkope & Tegnieuse Voorligtingsdiens.




AARTAPPELMOERE:

Geslote Variëteite: Lanorma, Taisiya, Mondeo, Labadia, El Mundo, Markies.

Oop Variëteite: Mondial, BP1, UTD, Hertha, Fianna.

KONTAK BESONDERHEDE

Hoofkantoor Neels Marais 082 553 5248 013 243 0544 neels@potatonet.co.za	Vrystaat & Noordwes, Kroonstad Fanus v Zyl 082 554 7652 056 212 3120 fanus@potatonet.co.za
Mpumalanga, Middelburg Hennie vd Spuy 082 560 2634 013 244 1557 hennie@potatonet.co.za	Wes-Kaap, Piketberg C.P Smit 082 555 4833 022 913 2206 cpsmit@potatonet.co.za
Natal & Oos-VS, Nottingham Rd John Berriman 082 555 4835 033 266 6244 john@potatonet.co.za	Limpopo, Pietersburg/Polokwane Wicus de Jager 082 555 4837 015 297 3981 wicus@potatonet.co.za Hennie Coetser 082 775 1591 086 590 2257 hcoetser@potatonet.co.za
Oos-Kaap, Patensie Danie v Heerden 082 415 3666 042 293 4349 danie@potatonet.co.za	



ANSA voorsien topgehalte produkte en lewer op u voorstoep af teen uiters mededingende pryse!

Tel: 013 243 0544 | Faks: 013 243 0546



SUBTROPICO

landswye bemarking van varsprodukte

SUBTROPICO MARKAGENTE

In 'n gesonde groepstruktuur met 'n gevestigde bemarkings- netwerk en toegewyde personeel, is Subtropico leiers in die varsproduktemarkagentskap-bedryf. Ons hoofdoelwit is om aan ons produsente 'n ongeëwenaarde diens te lewer. Ons produsente is ons mees belangrikste bate en dit word weerspieël in ons besigheidsfilosofie. Ons verkoop nie net vars groente en vrugte nie, maar bied 'n eksklusiewe diens aan die produsent wat gestand doen aan ons reputasie as 'n groot markleier.

Ons markagente se jarelange ervaring en kundigheid in varsproduktebemarking, bied aan die produsent onbeperkte toegang tot die suksesvolle bemarking van varsprodukte.

Subtropico is die voorkeur markagentskap vir meer as 6000 produsente met 'n omset van meer as R5,1 miljard per jaar. Meer as 200 verskillende varsprodukte lyne word deur Subtropico hanteer.

Subtropico is op die voorfront van tegnologie wat die lewering, vordering van verkope en betalings aan produsente bespoedig. Deel van Subtropico se sukses is die effektiewe administrasie deur Pretoria en Johannesburg kantore wat markagente die tyd gee om te fokus op u produk. Die produsente kan verkoopstate deur middel van e-pos ontvang en intyds sy verkope op die stelsel monitor. Ons netwerk bewerkstellig die minimalisering van risiko's en die maksimalisering van inkomste.

WAT BIED SUBTROPICO DIE PRODUSENT?

- Ons verkoop u produk daaglik op 13 Nasionale Varsproduktemarkte.
- Ons verkoop u produk direk deur Subtropico Online aan verskillende kettingwinkels as kommissieagente onder beskerming van APAC-wetgewing.
- Ons doen die verpakking, rypmaak en verspreiding van varsprodukte deur ZIRE DC Pta, 'n waardetoevoegingsfasiliteit in Pretoria.
- Produk kan op enige genoemde agentskap van u keuse verkoop word waar die beste pryse vir u behaal word.
- Ons personeel het jarelange ondervinding in die bemarking van varsprodukte.
- Ons reël vervoer teen mededingende tariewe en maak gebruik van vervoerders wat ervare is in die vervoer van varsprodukte.
- Ons verleen advies oor die pak en verpakking van varsprodukte en ander bemarkingsbehoefes.
- Ons handhaaf 'n beleid van persoonlike skakeling met produsente.
- Ons gesentraliseerde administrasie vergemaklik navrae en verseker korrekte en tydige betaling.
- Alle verkope word in 'n trust gehou vir u beskerming.

Subtropico stel u in staat om 'n effektiewe bemarkingstrategie te formuleer



Tel: (012) 460 9910 Faks: (012) 460 9911/6968

info@subtropico.co.za www.subtropico.co.za

Pretoria 0075, Parkland Nr 5 Bronkhorststraat 229, New Muckleneuk 0181


Markmonitor: Die eerste 46 weke van 2021 op varsproduktemarkte

Deur FP Coetzee, Aartappels SA

Gedurende einde September is sterk afwaartse druk ervaar en is daar teen middel November die laagste gemiddelde weekprys van R29.50 per 10 kg-sakkie op varsproduktemarkte (VPM'e) vir Suid-Afrika ervaar. *Figuur 1* dui die weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse aan. Die dalende effek op die gemiddelde prys is hoofsaaklik as gevolg van hoë volumes uit Limpopo, tans in sy hoof-oes, en gehalte, wat 'n beduidende rol speel.

Die styging in volumes gelewer kan toegeskryf word aan 'n toename in produksie en goeie opbrengste vir die hoof-oes uit Limpopo. Daar is ook ondervind dat boere in die warmer dele van Limpopo vinniger uitgehaal


Figuur 1: Weeklikse gemiddelde prys – alle markte en alle klasse.



het om skade te beperk. Hoë temperature en reën veroorsaak probleme met hou vermoë, gehalte en opbrengsverliese.

Figuur 2 dui die daaglikse gemiddelde voorraadvlakke teenoor die daaglikse gemiddelde prys aan.

Figuur 2: Daaglikse beskikbare voorraad vs. die daaglikse gemiddelde prys (alle klasse en alle markte).







DURBAN
Fresh Produce
MARKET




Tel: +27 31 311 5100 | Fax: +27 31 465 4222
www.durban.gov.za/durbanfreshproducemarket


FRESHNESS FOR THE ZULU KINGDOM



Figuur 3: Kumulatiewe getal 10 kg-sakkies verkoop op markte tot week 46 van elke jaar.



Figuur 4: Maandelikse verkope op markte vanaf 2018 tot 2021 (alle verpakings omsgeskakel na 10 kg-sakkies).



Die verkope op VPM'e is ná die eerste 46 weke van die jaar, 7.4 miljoen 10 kg-sakkies minder as die vier-jaar gemiddeld. *Figuur 4* illustreer die maandelikse verkope op die VPM'e vanaf 2018. Hier kan gesien word dat daar 'n afwaartse tendens is in maandelikse verkope vanaf April 2021. September 2021-verkope is sover die laagste maandelikse verkope vir 2021.

Die vyf-jaar gemiddeld vir die maand van September se verkope is 9.2 miljoen 10 kg-sakkies, wat beteken dat September 2021 se verkope 2.5 miljoen 10 kg-sakkies onder die vyf-jaar gemiddeld is. September 2021 is ook die laagste verkope vir die maand sedert dieselfde tydperk in 2010.

Hou in gedagte dat die beskikbare voorraadvlakke gedurende September 2021 gedaal het en die gemiddelde daaglikse beskikbare voorraad met 20% vanaf Augustus 2021 gedaal het, waar die gemiddelde daaglikse verkope vir September 2021 met slegs 15% gedaal het vanaf Augustus 2021. Verkope tussen September en Oktober 2021 het met 29% gestyg, terwyl verkope tussen Oktober 2020 en Oktober 2021 met 8% gestyg het, maar steeds onder die vyf-jaar gemiddeld beweeg het.


Tabel 1 toon die aantal sakkies wat deur die verskeie markte verkoop is gedurende die eerste 46 weke van 2021. Die vyf grootste markte gedurende hierdie tydperk

Voorraadvlakke skiet die hoogte in

Vanaf einde September tot die tweede week van November het voorraadvlakke met soveel as 238% gestyg. Voorraadvlakke het einde September 'n hoogtepunt van 1.5 miljoen sakkies op VPM'e gehaal, die hoogste tot dusver vir die 2021-kalenderjaar. Pryse het vir dieselfde tydperk negatief reageer en met 186% gedaal.

Gedurende die eerste 46 weke van 2021 het verkope op VPM'e met 1.47% gestyg vanaf 2020 se ooreenstemmende syfer, aldus *Figuur 3*. Let ook op dat 2021 effens hoër is as die vorige jaar, maar dat beide 2020 en 2021 laer is as die vorige drie jaar vir die eerste 46 weke van die jaar.

Figuur 5: Aantal 10 kg-sakkies verkoop (eerste 46 weke) per streek in 2021 vs. 2020.



Tabel 1: Verkope op VPM'e tot week 46 van 2021.

Mark	Aantal 10 kg-sakkies	% van totaal	Gem. prys (R/10 kg)	% van verkope op VPM'e			
				Klas 1	Klas 2	Klas 3 en 4	Klas 1 M
Johannesburg-mark	37 851 292	40.6%	48.16	79%	15%	6%	19%
Tshwane-mark	17 688 501	19%	48.37	70%	22%	8%	17%
Springs-mark	4 829 708	5.2%	45.83	74%	16%	11%	24%
Durban-mark	8 351 583	8.9%	49.54	74%	21%	5%	22%
Kaapstad-mark	7 634 789	8.2%	51.59	67%	22%	10%	15%
Klerksdorp-mark	2 919 315	3.1%	45.51	63%	24%	12%	15%
Bloemfontein-mark	2 421 610	2.6%	50.4	72%	19%	10%	23%
Welkom-mark	1 927 881	2.1%	49.1	63%	24%	13%	16%
Pietermaritzburg-mark	2 284 157	2.4%	44.93	69%	21%	11%	25%
Oos-Londen-mark	2 701 068	2.9%	53.12	58%	24%	17%	16%
Vereeniging-mark	916 973	1%	44.93	67%	19%	14%	15%
Port Elizabeth-mark	2 133 605	2.3%	46.72	74%	17%	9%	15%
Witbank-mark	546 738	0.6%	51.48	72%	20%	8%	13%
Mpumalanga-mark	352 362	0.4%	48.73	68%	24%	8%	7%
Nelspruit-mark	299 730	0.3%	54.91	68%	21%	12%	8%
Kimberley-mark	129 816	0.1%	47.56	62%	23%	14%	14%
George-mark	250 742	0.3%	48.07	70%	17%	13%	16%
Kei-mark (Umtata)	83 406	0.1%	34.91	34%	30%	36%	5%
Totaal	93 323 276	100%	48.51	73%	18%	8%	19%

Tabel 2: Verkope per streek op VPM'e tot week 46 van 2021.

Streek	Aantal 10 kg-sakkies	% van totaal	Gem. prys (R/10 kg)	% van verkope op VPM'e			
				Klas 1	Klas 2	Klas 3 en 4	Klas 1 M
Limpopo	25 039 475	27%	60.82	87%	10%	3%	21%
Oos-Vrystaat	18 465 297	20%	42.48	67%	21%	12%	14%
Wes-Vrystaat	16 344 631	18%	49.1	69%	22%	9%	22%
KwaZulu-Natal	4 211 241	5%	41.27	75%	19%	6%	17%
Noordwes	5 641 440	6%	38.57	81%	12%	8%	17%
Suidwes-Vrystaat	6 169 590	7%	37.58	77%	14%	9%	23%
Sandveld	6 238 060	7%	52.08	76%	22%	2%	22%
Gauteng	2 447 538	3%	35.13	84%	13%	4%	26%
Noord-Kaap	4 150 810	4%	49.31	60%	22%	18%	18%
Mpumalanga	890 301	1%	34.63	71%	24%	5%	14%
Noordoos-Kaap	1 585 392	2%	41.29	68%	24%	9%	22%
Ceres	785 581	1%	44.53	85%	8%	7%	29%
Oos-Kaap	283 342	0,31%	56.08	78%	14%	8%	27%
Suidwes-Kaap	45 039	0,05%	41.11	83%	16%	1%	23%
Suid-Kaap	41 565	0,05%	45.57	50%	43%	6%	18%
Totaal	92 339 302	100%	48.73	63%	16%	7%	16%

was gesamentlik verantwoordelik vir 82% van die land se verkope. Die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) vir elke mark verskyn ook in *Tabel 1*. Die gemiddelde prys het met 7% gestyg na R48.51 per 10 kg-sakkie jaar-op-jaar vir die eerste 46 weke.

Johannesburg-mark bly die top-verkoper

Uit die vyf grootste markte was Johannesburg-, Tshwane- en Springs- (die top drie) markte se gemiddelde pryse laer as die land se gemiddelde prys. Johannesburg-mark se totale verkope het uit 79% Klas 1-sakkies bestaan – die hoogste van alle markte. Hierdie tendens is ook waargeneem in die vorige drie *Markmonitor*-artikels.

Die drie grootste streke wat gedurende hierdie tydperk (eerste 46 weke) in die mark was, het 64% van die aartappels op markte verkoop (3% styging teenoor die vorige maand van September), aldus *Tabel 2*. Limpopo en die Oos-Kaap het van die hoogste gemiddelde pryse (alle klasse en groottes) vir hierdie tydperk gerealiseer.


Tabel 2 illustreer ook die persentasiesamestelling van elke streek se Klas 1, 2, 3 en 4 wat gedurende hierdie tydperk voorsien is. Vyf van die produksiestreke, naamlik Limpopo, Noordwes, Gauteng, Ceres en die Suidwes-Kaap se persentasie Klas 1-verkope was almal bo 80%.

Indien ons die sewe grootste streke se verkope vir 2021 met 2020 vergelyk, is dit duidelik dat vier streke meer 10 kg-sakkies verkoop het, terwyl die ander minder as die vorige jaar gedurende die eerste 46 weke (*Figuur 5*) verkoop het. Limpopo het vanjaar tot dusver 4 miljoen 10 kg-sakkies meer verkoop as dieselfde tyd verlede jaar, en die Oos-Vrystaat het ongeveer 1.3 miljoen 10 kg-sakkies meer verkoop, aldus *Figuur 5*.

Figuur 6 dui die maandelikse verkope van 7 kg-sakkies aan sedert 2018. Tydens die eerste drie maande van 2021 was die aantal 7 kg-sakkies se verkope meer as die vier-jaar gemiddelde syfer. Vanaf April 2021 het die markte minder 7 kg-sakkies begin verkoop en het die verkope onder die vier-jaar gemiddeld inbeweeg.

Gedurende Junie het die verkope van 7 kg-sakkies steeds afgeneem, maar in Julie 2021 het dit verhoog. Vanaf Julie 2021 het die aantal 7 kg-sakkies verkoop steeds afgeneem, maar gedurende September 2021 is daar nader aan die vier-jaar gemiddeld beweeg. In Oktober 2021 het die gemiddelde verkope van 7 kg-sakkies nóg nader aan die vier-jaar gemiddelde syfer beweeg. 🕒

Figuur 6: Maandelikse verkope van 7 kg-sakkies op markte vanaf 2018 tot 2021 (alle klasse, markte en kultivars).



Vir enige navrae, kontak FP Coetzee by 012 349 1906.



Your SENTER 360 is online...are you?



>>> YOU ALREADY TRUST US FOR...

- Having the strongest structure in the industry
- Best reliability
- The best sprinkler packages

For best service contact us at +27 (0)18 469 1331 or +27 (0)82 564 5955 or www.senter360.co.za



Vergelyking van verskillende besproeiingstelsels vir optimale aartappelproduksie in Limpopo: Deel 2

Deur prof Martin Steyn, Departement Plant- en Grondwetenskappe, Universiteit van Pretoria, en Isobel van der Stoep, Isowat Consulting

Deel 1 van hierdie artikel is in *CHIPS* se November/Desember 2021-uitgawe gepubliseer en het gefokus op die agtergrond van die besproeiingstelselvergeliking, asook sommige van die resultate van die vergelyking van verskillende besproeiingstelsels vir optimale aartappelproduksie in Limpopo. In hierdie tweede en laaste aflewering, kyk ons verder na die resultate en gevolgtrekkings.


Waterbestuur en opbrengsresultate

Die werklike hoeveelheid besproeiing toegedien en berekende besproeiingsbehoefte vir elke land word in *Tabel 1* en *Figuur 1* aangetoon. Die totale besproeiingshoeveelhede oor die seisoen het tussen 308 en 464 mm gewissel, met 'n gemiddeld van 396 mm.


Die gemiddelde berekende besproeiingsbehoefte vir die twaalf lande was 376 mm. By vier van die lande (L3 tot L6) is minder as 100% van die berekende behoefte toegedien (dus onderbesproeiing), wat moontlik tot waterstremming en laer opbrengste kon lei. By sewe van die twaalf lande is meer as 100% van die behoefte besproei.

Werklike besproeiingshoeveelhede van tot 20% bo die berekende besproeiingsbehoefte is aanvaarbaar, aangesien voorsiening vir stelselverliese (toedieningsdoeltreffendheid, of TD) gemaak kan word. Groter afwykings (>120%) dui gewoonlik op oorbesproeiing en 'n

Figuur 1: Die werklike totale besproeiing toegedien in vergelyking met die gesimuleerde behoefte (mm) vir twaalf lande in Limpopo. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.




Figuur 2: Die kumulatiewe besproeiing wat by LEPA land L6 toegedien is, was teen die einde van die seisoen heelwat laer as die besproeiingsbehoefte.



geleentheid om op water te bespaar. In drie gevalle (L2, L11 en L12) is meer as 120% van die behoefte besproei en kan aanvaar word dat die lande tot 'n mate oorbesproei is.

Die konvensionele stelsels het oor die algemeen die meeste besproeiing ontvang en die LEPA-stelsels (*Low Energy Precision Application*) die minste (*Figuur 1*).

Figuur 3: Die kumulatiewe besproeiing wat by land L2 toegedien is, het die besproeiingsbehoefte aansienlik oorskry.



In die meeste gevalle is lande egter binne die aanvaarbare grense (100 tot 120% van netto behoefte) besproei en het daar dus waarskynlik min vermorsing van water voorgekom.

Sorg moet gedra word dat werklike besproeiing nie die behoefte ver oorskry nie (>120%), want dan word insette soos water, elektrisiteit en voedingstowwe onnodig vermors. Daar is dus 'n fyn balans tussen onder- of oorbesproeiing, wat moeilik bestuur kan word sonder die gebruik van skedulerings-hulpmiddels.

Figuur 2 illustreer as voorbeeld die kumulatiewe besproeiing vir land L6, tesame met die berekende kumulatiewe behoefte. In hierdie geval was die werklike besproeiingshoeveelhede heelwat

minder as die behoefte, veral laat in die groeiseisoen. By land L1 (Figuur 3), is meer as die behoefte egter deurgaans besproei (>120%) en kan aangeneem word dat oorbesproeiing plaasgevind het.

Opbrengs, potensiaal en behoefte

Tabel 1 en Figuur 4 toon die werklike opbrengste wat vir die verskillende lande behaal is, in vergelyking met die berekende opbrengspotensiaal van elk. Die werklike opbrengste behaal was oor die algemeen aanvaarbaar en het tussen 40 en 71 t/ha gewissel, met 'n gemiddeld van 55 t/ha. Die gemiddelde opbrengspotensiaal vir die groeiseisoen was 71.1 t/ha.

Die gesimuleerde opbrengspotensiaal van 'n land gee 'n

aanduiding van die opbrengs wat haalbaar is vir die spesifieke klimaatstoestand en plantdatum, met die aanname

dat geen beperking aan insette (bv. water, kunsmis en saad) en geen verliese weens peste en plaë voorkom nie. Die werklike opbrengs moet minstens 66% van die potensiaal bereik om aanvaarbaar te wees, en nege uit die twaalf lande het aan hierdie minimum norm voldoen.

Die drie lande wat nie 66% van hul berekende opbrengspotensiaal behaal het nie, was almal LE-PA-stelsels. Hierdie spesifieke lande is 91 tot 101% van hul potensieël netto waterbehoefte besproei, wat daarop dui dat effense onderbesproeiing en waterstremming waarskynlik voorgekom het. Die vyf konvensionele spijlpuntstelsels het die hoogste opbrengste gelewer, en die gaping tussen werklike en potensieël opbrengste was ook die kleinste by hierdie stelsels.

Die waterverbruiksdoeltreffendhede (WVD) van die twaalf lande het tussen 112 en 166 kg/ha/mm gewissel, met 'n gemiddeld van 130 kg/ha/mm (Tabel 1, Figuur 5). WVD-waardes bo 100 kg/ha/mm is aanvaarbaar vir wintergroeiperodes, terwyl waardes bo 120 kg/ha/mm goed is. Al twaalf die lande het dus goeie WVD-waardes gelewer.

Hoër WVD-waardes kan gewoonlik verwag word as daar optimaal of effens onderbesproei word. Daar was nie 'n duidelike tendens dat die alternatiewe stelsels (LEPA of Dragon-Line) beter WVD-waardes as

Tabel 1: Opsomming van waterverbruik, opbrengste en waterverbruiksdoeltreffendhede (WVD) vir die verskillende gevallestudies in Limpopo.

Somer 2019/20-aanplanting	L1	L2	L3	L4	L5	L6	L7	L8	L10	L11	L12	L13	Gemiddeld	Norm
Werklike besproeiing (mm)	341	464	325	308	456	381	403	445	396	388	437	405	396	–
Besproeiingsbehoefte (mm)	338	342	336	338	510	537	374	403	382	310	301	337	376	–
% van behoefte	101	136	97	91	89	71	108	110	104	125	145	120	108	<120
Werklike opbrengs (t/ha)	48	71	40	40	59	54	46	57	56	55	64	69	54.9	–
Opbrengspotensiaal (t/ha)	74.6	75.6	65.3	63.6	68.9	68.6	69.2	75.9	78.8	68.0	69.9	74.3	71.1	–
% van potensiaal	64	94	61	63	86	79	66	75	71	81	92	93	77	>66
Werklike WVD (kg/ha/mm)	136	150	121	130	112	119	114	128	122	139	127	166	130	>100
Potensieël WVD (kg/ha/mm)	214	216	191	188	119	113	184	188	178	214	190	213	184	>120

Nile.ag

*Die beste manier om jou
aartappels te bemark.*

nile

SA se mees innoverende boere
verhandel reeds hul varsprodukte
deur Nile.ag



Designed by Pias Media AV0121



Hoekom Nile.ag?

LAER KOMMISSIE

Nile.ag digitaliseer die verhandelingsproses wat besparings moontlik maak.

DEURSIGTE PRYSBEPALING

Jy is in beheer van die prys waarvoor jou volle vrag verkoop.

VERBETERDE KONTANTVLOEI

Ons beveilig betaling vooraf en betaal fondse binne 24 uur uit.

GROTER MARK VIR JOU PRODUK

Nile.ag bedryf 'n gesofistikeerde logistieke stelsel wat kopers in landelike areas en buurlande bereik.

Besoek ons webwerf
www.nile.ag
vir meer inligting of epos
louis@nile.ag
of skakel
071 264 7669.

konvensionele stelsels gelewer het nie. Potensiële WVD-waardes het van 113 tot 216 kg/mm/ha gewissel (gemiddeld 184 kg/mm/ha). Die koel klimaat gedurende die winter in Limpopo dra grootliks by tot die hoë potensiële WVD-waardes wat hier haalbaar is in vergelyking met die meeste somerproduksiestreke.

Energieverbruik

Die detail van stelselinligting en kosteberekening vir die twaalf stelsels wat gemonitor is, word in *Tabel 2* getoon. Die totale energiekoste per hektaar van die stelsels het van R627 tot R2 663/ha gewissel (*Figuur 6*).


Die konvensionele stelsel L12 het die hoogste energiekoste per hektaar gehad. Die spilpuntstelsel is baie ver vanaf die pompstasie geleë, wat 'n groot wrywingsverlieskomponent in die stelseldruk veroorsaak het, maar die pomp was steeds te groot vir die stelsel en het teen 'n halfgeslote kraan gewerk om die korrekte druk aan die stelsel te voorsien.

Dit veroorsaak hoë energieverbruik en vermorsing as gevolg van die wrywingsverlies deur die kraan. Die korrekte pomp- en motorkombinasie moet vir die toepassing gekies word, of die stelsel kan met 'n veranderlike spoedaandrywingstelsel (*variable speed drive*, of VSD) toegerus word om energie te bespaar.


Stelsels L3, L11 en L13 het die laagste energieverbruik per hektaar gehad vir die volgende redes:

- L3 is 'n LEPA-stelsel wat met 'n VSD toegerus is. Die drukbehoefte van die LEPA-stelsel is laer as konvensionele stelsels, en die motor met sy aandrywing is korrek gekies.
- L13 is 'n konvensionele stelsel met 'n hoë pompdoeltreffendheid weens die korrekte pomp- en motorkeuse vir die spesifieke toepassing.
- By L11 kan die koste hoër wees, aangesien daar 'n tweede pomp teenwoordig is wat volgens die produsent soms vir aanvullende druk en/of vloei gebruik word. Hierdie addisionele koste is nie in berekening gebring nie.


Figuur 4: Werklike opbrengs behaal in vergelyking met opbrengspotensiaal (t/ha) vir twaalf lande in Limpopo. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.



Figuur 5: Werklike WVD in vergelyking met die potensiële WVD (kg/ha/mm) vir twaalf lande in Limpopo. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.



Figuur 6: Energiekostes (R/ha) vir die twaalf stelsels wat in Limpopo gemonitor is. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.



Tabel 2: Inligting rakende die energiekoste vir die twaalf stelsels in Limpopo.

Land #	L1	L2	L3	L4	L5	L6	L7	L8	L10	L11	L12	L13
Tipe stelsel	LEPA	Konv	LEPA 1	LEPA 2	Konv	LEPA	Dragon-L	Konv	Dragon-L	Dragon-L	Konv	Konv
Spilpuntgrootte (ha)	13.15	13.24	7.18	6.75	10.5	8	7.98	14.68	29.38	20.14	15.37	10
Opbrengs (t/ha)	48	71	40	40	59	54	46	57	56	55	64	69
Besproeiing (mm)	341	464	325	308	456	381	403	445	396	388	437	405
Ure besproei	880	736	848	856	837	897	1 798	796	1 175	1 301	711	736
Pomp-spesifikasies	KSB 65-50-200	KSB 100-400 @ 1 450 rpm	KSB 100-80- 200	DAB KDN 65-200	KSB 65-200	KSB 50-200	KSB 50-200	KSB 50-250	KSB 65-200	KSB 65-160	KSB 65-250	KSB 50-160
Stuwerdiameter (mm)	Vol	Vol	194	–	–	–	–	259	–	195	Vol	–
Druk by pomp (kPa)	500	–	–	215	–	–	415	–	–	–	–	–
Motor (kW)	22 kw	45 kW	22 kW	15 kW	15 kw	11 kW	15.4 kw	15 kw	18.5 kW	11 kw	50 kw	11 kw
Vloeiempo by spil (m ³ /h)	50.5	83.5	27.5	24.5	57.2	34	17.9	79	99	41	94.5	55
Druk gemeet by spil (kPa)	197	236	108	130	232	123	115	148	165	170	142	156
Pyplynlengte (m)	2 401	1 039	459	1 973	1 388	891	591	1 014	2553	1 735	3 315	658
Pyplynwrywing (m)	28.812	12.468	5.508	19.73	16.656	10.692	7.092	12.168	30.636	17.35	33.15	6.58
Statiese hoogte-verskil (m)	12	1	3	-8	-1	-4	2	-6	-1	5	9	4
Druk benodig van pomp (m)	60.512	37.068	19.308	24.73	38.856	18.992	20.592	20.968	46.136	39.35	56.35	26.18
Druk wat pomp lewer (m)	68	57	–	21.5	58.5	57	41.5	62	53.5	38.8	88	33.5
Vloeiempo by pomp (m ³ /h)	50.5	83.5	27.5	24.5	57.2	34	17.9	79	99	41	94.5	55
Elektriese stroom (ampère)	–	–	5	10	–	–	–	–	–	–	–	–
Arbeidsfaktor (cos Φ)	–	–	0.99	0.99	–	–	–	–	–	–	–	–
Doeltreffendheid (pomp en motor [%])	61	57	–	–	60	50	57	56	68	55	61	68
Drywingsvereiste (kW)	15.34	22.75	3.43	6.86	15.20	10.56	3.55	23.83	21.22	7.88	37.15	7.38
Energiebehoefte (kWh)	1 3504.7	16 750.6	2 907	5 869.2	12 715.1	9 474.2	6 385.9	18 983.8	24 942.8	10 255.4	26 413.2	5 435.5
Energietarief (Landrate [R/kWh])	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494	1.5494
Energiekoste (R/seisoen)	20 924	25 953	4 504	9 094	19 701	14 679	9 894	29 413	38 646	15 890	40 925	8 422
R/ha	1 591	1 960	627	1 347	1 876	1 835	1 240	2 004	1 315	789	2 663	842
R/mm	61	56	14	30	43	39	25	66	98	41	94	21
R/ton	33	28	16	34	32	34	27	35	23	14	42	12

Die energiekoste is verder uitgedruk in terme van die R/mm besproeiing toegedien, wat van R14 tot R98/mm gewissel het (Figuur 7).

By hierdie ontleding het stelsel L10 die hoogste koste gehad. Dit was 'n Dragon-Line-stelsel met 'n hoë aantal besproeiingsure oor die seisoen. Dit is die gevolg van die lae stelselkapasiteit wat by die meeste Dragon-Line-stelsels gevind is. Soos reeds genoem, het L12 swak presteer weens die


afstand tussen die stelsel en die pomp, sowel as die gebrek aan optimering van die pomp- en motorkombinasie.

LEPA-stelsels het nie in al die gevalle 'n lae energiekoste gehad nie, ten spyte van minder besproeiing (bv. L1). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die pomp- en motorkombinasie dikwels nie by die laer drukbehoefte van die stelsel aangepas is nie. Stelsels L3 en L13 het weereens die beste


presteer, met die laagste koste per mm besproei.

By die derde analise is die energiekoste per eenheid-opbrengs oorweeg (Figuur 8). Stelsel L12 het weereens die swakste presteer, terwyl L13, met sy korrekte pomp- en motorkeuse vir toepassing op die konvensionele spilpunt, die laagste koste-per-ton-opbrengs getoon het. Dit bevestig weer die argument dat energiebesparings met alternatiewe stelsels slegs moontlik is wanneer motors en pompe ook aangepas word vir die laer energiebehoefte van die nuwe stelsel.

Figuur 7: Energiekoste (R/mm) vir stelsels gemonitor in Limpopo. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.



Figuur 8: Energiekoste (R/ton) vir stelsels gemonitor in Limpopo. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.



Opsomming en gevolgtrekkings

Die agt spilpunte wat geëvalueer is, het uit 'n verskeidenheid stelsels bestaan, waarvan die LEPA- en Dragon-Line-stelsels as eksperimenteel in die Limpopo-gebied beskryf kan word. Die konvensionele stelsels wat geëvalueer is, het oor die algemeen die beste resultate gelewer, maar die oorsake van die swakker prestasie van die LEPA- en Dragon-Line-stelsels is grootliks te wyte aan ontwerpsoorwegings wat nie behoorlik in ag geneem is nie. Dit kan soos volg opgesom word:

LEPA-stelsels:


- **Spuitkeuse en benattingspatrone:** Indien daar nie in sirkels geplant word en water deur een toegewyde spuit per plantry toegedien word nie, moet die besproeiingsontwerper, soos met 'n konvensionele spilpunt, spuite met verspreiders kies waarvan die benattingspatrone oorvleuel, en waarvan die toedieningstempo nie die infiltrasievermoë van die grond oorskry nie. Dit sal verseker dat water teen die gewenste eenvormigheid en toedieningstempo aan die gewas gelewer kan word.
- **Evaluasiemetodes:** Indien spuitpatrone nie oorvleuel nie, kan die konvensionele meetmetode met die uitpak van reënmeters nie gebruik word om stelseluniformiteit te evalueer nie.



PACKHOUSE AUTOMATION FOR POTATOES

GENTLY BAG FRUIT AND VEG, REDUCE OVERWEIGHT, INCREASE PROFITS...


CALL US!




NEWTEC
Accurate
Automatic
Portion
Weighers



NEWTEC
Celox-P-UHD
Quality, size and shape
sorting in one machine



EMVE
SWEDEN
Storage and
feeding
hoppers



GILLENKIRCH
Bagger PP/ Poly Bags
and Poly/ Net Combo Bags



JASA
350CM VFSS
Bagger-Poly/ PP Bags
and Poly/ Net Combo Bags



EMVE
SWEDEN
BE 6000
Paper Bagger



NEWTEC
PEB 40 Wicketed
Polybagger and Wicketed
Net/Film Combination Bags



GOLDPACK

PACKAGING & PROCESS AUTOMATION

CAPE TOWN Tel: 021-534 0215
DURBAN Tel: 031-569 4199
JOHANNESBURG Tel: 011-312 4976

sales@goldpack.co.za
www.goldpack.co.za

Alternatiewe metodes, soos die gebruik van lang opvangbakke, moet ondersoek word.

- **Drukregulering:** Hoewel die LEPA-spilpunte tipies by laer drukke werk as konvensionele spilpunte, is drukregulering net so belangrik en moet alle spuite of aftappunte na spuite, met drukreguleerders toegerus word. Daar moet ook seker gemaak word dat genoeg druk beskikbaar is tot by die laaste spuit of aftap vir die hoogste geografiese posisie van die spilpunt op die land.
- LEPA-stelsels wat by laer drukke funksioneer, toon potensiaal vir laer verdampingsverliese en energiebehoefes, maar dan moet stelsels behoorlik ontwerp word sodat eenvoudige benutting sonder afloop verseker word. Verder moet pomp- en motorkombinasies aangepas word om optimaal by die laer drukbehoefes te funksioneer.

Dragon-Line-stelsels:

- **Stelselkapasiteit:** Dragon-Line-stelsels moet 'n kapasiteit hê (mm/24h) van minstens dieselfde as 'n konvensionele spilpunt, met inagneming van die ure wat die stelsel sal gebruik. Weens die kleiner benatbare area onder 'n drupstelsel in vergelyking met oorhoofse spuite, kan hoë toedieningstempo's onder die druppers voorkom wat tot afloop kan lei, en moet die grond se infiltrasievermoë in ag geneem word. Dit kan die grootte van die stelsels wat geïmplementeer kan word, beperk.
- **Filtrasie:** Weens die veel kleiner uitlaat-opening van druppers in vergelyking met spilpunttuite, moet meer aandag aan die filtrering van water vir Dragon-Line-stelsels gegee word om verstoppings te voorkom.
- **Arbeidsbehoefte:** Die afgelope seisoen is waargeneem dat Dragon-Line-stelsels hoë arbeidsbehoefes het om te verseker dat drupperlyne in hul

korrekte sleepposisies bly (ten opsigte van die plantrye), asook om drupperlyne te spoel vir blokkasies.

Die hoeveelheid besproeiing wat werklik op al twaalf lande toegevoeg is, was gemiddeld 396 mm, in vergelyking met 'n berekende behoefte van 376 mm. Die vier LEPA-stelsels het die minste besproeiing ontvang, gevolg deur die Dragon-Line-stelsels. Die vyf konvensionele spilpuntstelsels het die meeste besproeiingswater ontvang.

By drie van die konvensionele stelsels het 'n mate van oorbesproeiing voorgekom, terwyl onderbesproeiing, wat waarskynlik tot waterstremming gelei het, by van die LEPA-stelsels waargeneem is.

Die werklike opbrengste behaal was oor die algemeen goed (gemiddeld 54.2 t/ha), hoewel enkele LEPA-lande se opbrengste laag (± 40 t/ha) was. Producente het 'n gemiddeld van 77% van die opbrengspotensiaal vir die spesifieke plantdatums en klimaatstoestand behaal, wat heelwat beter as die minimum aanvaarde norm van 66% is.

Konvensionele stelsels het oor die algemeen die hoogste opbrengste gelewer, terwyl LEPA-stelsels die laagste opbrengste gehad het. Hoewel daar dus oor die algemeen minder by die LEPA-lande besproei is, was die opbrengste ook laer, wat die moontlikheid bevestig dat waterstremming wel by laasgenoemde stelsels voorgekom het. Sorg moet dus geneem word dat die ontwerp kapasiteite van LEPA-stelsels voldoen aan die piek waterbehoefes van plante.

Goeie WVD is vir al die lande aangeteken (gemiddeld 130 kg/ha/mm) en min verskille het tussen stelseltipes voorgekom. Die winterklimaat van Limpopo beperk opbrengspotensiaal as gevolg van min sonlig, maar die koel toestande is bevorderlik vir hoër WVD in vergelyking met die meeste somerproduksiegebiede in die land.

Metings kon nie uitgevoer word om die werklike energiekostes van stelsels te evalueer nie, en die beperkte beskikbare inligting wat as deel van die evaluasies ingesamel is, het die interpretasie bemoeilik. Met die beperkte inligting beskikbaar, was dit egter duidelik dat om energiekoste te bespaar, daar geen alternatief vir goeie basiese ontwerp van watervoorsieningstelsels is nie.

Die regte keuse van pompe en motors bly belangrik vir enige tipe spilpuntstelsel om te verseker dat energie nie vermors word nie. Wanneer LEPA, Dragon-Line of ander tipe stelsels gebruik word, het dit 'n effek op die stelsel se vloeï en druk, en moet pompe en motors ook aangepas word, anders sal die voordeel van die belegging in die hidrouliese infrastruktuur beperk wees.

VSD's op die voorheen-geïnstalleerde pompstelsels kan as oorgangsmatreeël gebruik word, maar die korrekte oplossing is om die regte pomp- en motorkombinasie vir die opstelling te installeer. Goeie holistiese plaasbeplanning het ook 'n effek op energiekoste, en lang afstande vanaf die pompstasie na die besproeiingstelsel moet sover moontlik vermy word.

Laastens kan die omskakeling na nie-konvensionele stelsels tot langer besproeiingsure lei indien stelselkapasiteite nie korrek bereken word nie. Dit kan tot hoër energiekoste lei.


Hierdie studie word gedurende die 2021-groeiseisoen in Limpopo herhaal. ©


Met dank aan die volgende bydraers: Producente in Limpopo wat as medewerkers aan die studie deelgeneem het, Aartappels SA vir befondsing, Pieter van Zyl vir projekteiding, en FP Coetzee vir hulp met data-insameling. Vir verdere inligting, kontak prof Martin Steyn by martin.steyn@up.ac.za.

Irrigation: A balancing act

By Chantel du Raan, Potatoes SA, and Prof Martin Steyn, University of Pretoria

Potatoes are shallow-rooted plants with a network of finely branched roots and a fairly large leaf area. This makes the crop very sensitive to even small deficiencies of water, which can negatively affect growth rate, quality and yields. Therefore, it is of utmost importance to understand the requirements during each stage and how an excess or deficiency in moisture can affect your crop. This illustration gives a brief summary of the negative impacts of **over-irrigation (blue)** and **under-irrigation (red)** on yield and quality of the potato crop.





Designed by Chantel du Raan

BOER JY VIR 'N BETER TOEKOMS?

NEXUS^{AG} BIED PASGEMAAKTE GEWASBESTUUR-OPLOSSINGS

om winsgewende boerderybedrywighede, wat bydra tot die volhoubaarheid van landbou-ondernemings, te bevorder.



NexSOLUTIONS

Verskaf 'n kombinasie van gewasbeskerming- asook plantvoeding- en grondgesondheidprodukte.



NexSERVE

Deel ons gespesialiseerde kundigheid deur tegniese dienste en oplossings wat waarde toevoeg.



NexTECH

Pas die jongste tegnologie en sagteware-oplossings toe om presisie-landbou te bevorder.

Nexus^{AG} Croplife-geakkrediteerde gewasadviseurs bied maatpas gewasbestuursprogramme, wat elke produsent se unieke omgewing en spesifieke omstandighede in ag neem, om volhoubare oplossings te bied.



nexus^{AG}
CUSTOMISED CROP SOLUTIONS

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING:
☎ 021-860 8040 🌐 www.nexusag.net

Kernmateriaal van oop kommersiële kultivars

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika (Foto's: P Brink, Yara)

Tot so onlangs as 20 jaar gelede, was die oorgrote meerderheid (sowat 70%) van aartappels wat op die varsprouktemarkte verkoop is, afkomstig van kultivars waarvoor planttelersregte nie geregistreer was nie – die sogenaamde 'oop' kultivars.

Drie kultivars, naamlik BP1, Vanderplank en Up-to-date, het vir jare die mark oorheers. Enige persoon kon die oop kultivars vermeerder sonder dat die oorspronklike telers enige inkomste daaruit verdien het. Dit was nie 'n probleem nie, omdat daardie kultivars oor die algemeen deur staatsondersteunde teelprogramme ontwikkel is.

Verandering is onafwendbaar

Soos wat in die meeste ander lande gebeur het, is die mark later oorheers deur kultivars waarvoor planttelersregte uitgeneem is en wat deur kommersiële teelprogramme ontwikkel is – die sogenaamde beskermde kultivars. Daar was dus maatskappye wat gesorg het dat siektevrye en tipe-egte kernmateriaal van die beskermde kultivars in stand gehou word.

Die Landbounavorsingsraad (LNR) het verantwoordelikheid geneem om in vitro-kernmateriaal van die ou oop kultivars in stand te hou en aan kommersiële laboratoriums beskikbaar te stel met die oog op massavermeerdering deur weefselkultuur.

Befondsing deur die navorsingsprogram is oor baie jare deur Aartappels Suid-Afrika (ASA) bewillig om instandhouding te ondersteun. Producente wat verkies om van die ou oop kultivars te produseer, het dus toegang tot tipe-egte en siektevrye kernmateriaal gehad.

Aanpassing by veranderinge

Aangesien die aanplant van die ou oop kultivars oor jare drasties afgeneem het, het die Navorsingskomitee in 2017 voorgestel dat die befondsing teen Junie 2022 gestaak word. Die besluit is vervolgens deur die Nasionale Raad goedgekeur en die inligting is tydens streekmoerekomitee- en gebiedsbestuursvergaderings bekendgemaak met die doel om producente aan te moedig om seker te maak hul moerverskaffers het toegang tot kernmateriaal van die oop kultivars.

Die jongste stand van sake

Die Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) oftewel Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappels (OSRA) het, voordat die befondsing aan die LNR gestaak is, besluit om nié die goedkeuring vir die LNR-*In Vitro* Genebank as vestigings-, instandhoudings- en vermeerderingsfasiliteit, te hernu nie.

Dit beteken dat die kernmateriaal wat tans in die LNR-*In Vitro* Genebank is, nie goedgekeur is vir vermeerdering vir



sertifiseringsdoeleindes nie. Dit geld vir die ou oop kultivars waarvoor befondsing beskikbaar gestel is (Herta, VanderPlank, BP1, Up-to-date) asook ander kultivars in die LNR se genebank, insluitend kultivars wat deur die LNR geteel is (soos Mnandi, Sandvelder, Caren, Hoëvelder, en dies meer). 📍

Indien 'n kweker belangstel om kernmateriaal van oop kultivars te bekom, kan die LNR-VIMP by Roodeplaat gekontak word. Die beskikbaarstelling van die kultivars sal as 'n privaat sake-transaksie tussen die LNR en die betrokke persoon beskou word. Kontak dr Sonja Venter by 082 566 3872 of epos SVenter@arc.agric.za indien u hierin belangstel.

Laboratoriums wat deur OSRA goedgekeur is as vestigingslaboratoriums, kan gekontak word vir kernmateriaal van die oop kommersiële kultivars vir doeleindes van vermeerdering vir sertifisering.

good chemistry



BARRIER 450 SC

DIE OPLOSSING VIR SWAMSIKTES OP AARTAPPELS EN TAMATIES

○ PRODUKBESKRYWING

'n Suspensiekonsentraat kontak- en sistemiese swamdoder vir die beheer van swamsiektes op aartappels en tamaties.

○ WAT MAAK BARRIER 450 SC EFFEKTIEF?

- Dit is beide 'n kontak- en sistemiese produk wat voorkomende- sowel as genesende siektebeheer bied
- Bevat twee aktiewe bestanddele met baie uiteenlopende metodes van werking om siektebeheer te verseker
- Bied 'n anti-weerstand strategie deur twee aktiewe bestanddele uit verskillende FRAC (*Fungicide Resistance Action Committee*) groepe te kombineer
- Is 'n oplosbare konsentraat vloeibare formulاسie wat veiliger en makliker vermenging verseker
- Bied 'n breë spektrum van siektebeheer - met spesifiek goeie beheer van *Alternaria spp*
- Dit is 'n blouband swamdoder (lae toksisiteit) wat 'n minimale impak op die omgewing, mens en dier verseker
- Is 'n ideale pasmaatproduk vir enige IPM (*Integrated Pest Management*) program

Barrier 450 SC Reg. Nr. L7604, Wet Nr. 36 van 1947

Bevat: Maneb (ditiokarbamaat), Prosimidoon (dikarboksimid), Sinkoksied. (VERSIGTIG)

AECI Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619

T: +27 11 823 8000 E: planthealth@aeciworld.com W: aeci.com

**AECI**[®]
PLANT HEALTH

Minimise the risk of resistance of *Alternaria* blights to fungicides in a potato programme

By the CropLife Fungicide Resistance Action Committee (FRAC)

The use of fungicides is an essential agronomic practice in ensuring healthy crops, protecting yields and improving quality. Potatoes require a very intensive disease spray programme targeting diseases such as early blight caused by *Alternaria solani*, and late blight caused by *Phytophthora infestans*. Fortunately, several different types of fungicides are registered against these diseases. For the control of early blight, the commonly used groups of fungicides listed in Table 1, are available as approved by the *Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947)*. For a complete list of registered products, refer to www.agri-intel.com.

Pathogens adapt to survive

Like most other organisms, pathogens need to adapt to survive and can



Potatoes require a very intensive disease spray programme targeting diseases such as early blight caused by *Alternaria solani*. (Photographs: Bayer)

mutate to outlast certain fungicides. In other words, they become less sensitive or resistant to these fungicides. The ability of resistance

development differs from one pathogen to another, and the following factors tend to increase the risk for a shift in sensitivity towards specific fungicides:

- **Life cycle of the pathogen:** Pathogens with short life cycles have more frequent exposure to the fungicide and may have a faster shift in sensitivity.
- **Abundance of sporulation:** The more spores are produced, the greater the chance of mutation and selection.
- **Ability of spores to disseminate:** Wind-blown spores are easily spread.
- **Ability to infect at all crop stages:** This necessitates repeated fungicide treatments.

Taking the above into consideration, it is easy to understand why *Alternaria* species are considered medium to

Table 1: Commonly used groups of fungicides for control of early blight.

FRAC group	Common group name	FRAC group	Examples of active ingredients registered for use on potato
Quinone outside inhibitors (QoI)	Strobilurin	11	<ul style="list-style-type: none"> • Azoxystrobin • Famoxadone • Fenamidone • Fluoxastrobin • Flufenoxystrobin • Kresoxim-methyl • Pyraoxystrobin • Picoxystrobin • Pyraclostrobin • Trifloxystrobin
Succinate dehydrogenase inhibitors (SDHI)	SDHI	7	<ul style="list-style-type: none"> • Boscalid • Fluopyram • Pydiflumetofen
DeMethylation Inhibitors (DMI)	Triazole	3	<ul style="list-style-type: none"> • Difenconazole • Flutriafol • Tebuconazole • Triticonazole



Vra vir die Beste

Hoë kwaliteit kunsmisse vir groente produksie

- Multi-K™ - die beste kaliumdraer vir groente
- Vinnig en effektiewe plantvoedingstofopname
- Nutrigation™ deur spilpunte en druppers

Kontak ons gerus vir u naaste verspreider:
Haifa Suid-Afrika
 Posbus 1409, Brackenfell, 7561, Suid-Afrika
 Tel: 021 982 0309, Faks: 021 981 7637
 Epos: Dawie.Fourie@haifa-group.com
www.haifa-group.com



Pioneering the Future



FOXY | VALOR



RSA

**AARTAPPELSAAD BEURS
 POTATO SEED EXCHANGE**

Landswye Verskaffers Van : Gesertifiseerde Moere | Aartappelsakkies | Plakkers | Paletnet | Polipropsakke

Countrywide Suppliers Of : Certified Seed Potatoes | Potato Pockets | Labels | Pallet Netting | Polyprop Bags

T +27 12 809 4000 | F +27 12 809 4003 | www.rsaseeds.co.za | admin@rsaseeds.co.za

Table 2: Example of how FRAC categorises fungal pathogens on potatoes according to their probability of developing resistance.

Pathogen risk score		
Low (1)	Medium (2)	High (3)
<i>Rhizoctonia solani</i> (black scurf and stem canker)	<i>Alternaria solani</i> (early blight)	<i>Alternaria alternata</i> (brown spot)
<i>Fusarium</i> spp. (<i>Fusarium</i> dry rot and wilt)	<i>Phytophthora infestans</i> (late blight)	<i>Botrytis cinerea</i> (grey mould)
<i>Sclerotinia sclerotiorum</i> (white mould)		

Table 3: FRAC’s fungicide risk score (low, medium and high) of specific fungicide groups based on the risk of developing resistance or sensitivity.

Fungicide risk score		
Low (0.5)	Medium (2)	High (3)
Multi-site fungicides such as dithiocarbamate (Mancozeb and Propineb) (FRAC Group M)	Azoles (FRAC Group 3)	Phenylamide (FRAC Group 4)
	Cymoxanil (FRAC Group 27)	SDHI fungicides (FRAC Group 7)
	Fenhexamid (FRAC Group 17)	QOI (Strobilurin) (FRAC Group 11) *

high-risk pathogens for a change in sensitivity against fungicides. Table 2 provides some examples in this regard. The complete table is available on the FRAC website, <https://www.frac.info>.

To assist producers in making educated decisions, FRAC has classified fungicides based on the risk of loss of sensitivity or resistance to a group of fungicides by pathogens (Table 3 and 4). FRAC provides guidelines to mitigate this, which is updated annually on the FRAC webpage.

To avoid a shift in fungicide sensitivity, avoid the following practices:

- Continuous treatments with a fungicide with the same mode of action in a programme.
- Not following the recommended rate on the label.
- Timing of fungicide applications is important, so avoid treating too late when the pathogen population is high.

Guidelines to manage resistance

Fungicides are grouped according to their mode of action. Based on

the mode of action, the FRAC committee has developed guidelines for each group (FRAC group) to manage resistance build-up within diseases. In the case of potatoes, the QoI and SDHI groups have the highest potential for developing resistance.

To avoid resistance build-up, the following practices should be introduced when compiling a spray programme:

- Do not exceed a third of the total number of applications with a product from a specific FRAC group. For example, if you apply twelve fungicide applications, only four may belong to the same FRAC group.
- Do not apply more than four products from the QoI or SDHI containing products per season.
- When mixtures (co-formulations or tank mixes) are used, do not apply more than half of the programme with the same mixture. A maximum of six fungicide mixtures may be applied – whichever is the lesser.
- Where resistance has been confirmed, these fungicides must be applied only in mixture with partners with a different mode of action contributing to the effective control of the target pathogens.
- When QoI or SDHI fungicides are used in a solo programme, a strict alternation with fungicides from a different FRAC groups are recommended.


Table 4: An illustration of the combined risk factors when pathogens with different risk scores are treated with fungicides with different risk scores.

Fungicide classes	Fungicide risk score	Risk factor*		
		Low (1)	Medium (2)	High (3)
Phenylamide SDHI fungicides QoI (strobilurin)	High (3)	3	6	9
Azoles carboxanilides, Cymoxanil, Fenhexamid	Medium (2)	2	4	6
Multi-site fungicides such as dithiocarbamates (Mancozeb and Propineb)	Low (0.5)	0.5	1	1.5
Pathogen risk score		1	2	3
Examples of pathogens		<i>Rhizoctonia solani</i> . <i>Fusarium</i> spp. <i>Sclerotinia sclerotiorum</i>	<i>Alternaria solani</i> <i>Phytophthora infestans</i>	<i>Alternaria alternata</i> <i>Botrytis cinerea</i>

*A low score reflects a low risk for developing resistance, while a high score reflects a high risk factor for developing resistance. Refer to www.frac.info for the full table.

Examples of mixtures (FRAC group codes):

- Azoxystrobin (11) + Chlorothalonil (3)
- Azoxystrobin (11) + Tebuconazole (3)
- Boscalid (7) + Pyraclostrobin (11)
- Pyrimethanil (9) + Trifloxystrobin (11)
- Tebuconazole (3)+ Trifloxystrobin (11)

It can happen that fungicides for other indications may also belong to a risk group. For example, the nematicide Fluopyram, belongs to FRAC Group 7 (SDHI), and the late blight products Fenamidone and Famoxadone belong to FRAC Group 11 (QoI). 

See exactly how resistance can develop by visiting www.frac.info/knowledge-database/videos. For more information, contact CropLife SA at 087 980 5163.



The effect of fungicide application on potato cultivars at Cedara

By James Arathoon, Archana Nunkumar and Taslos Magubane, KwaZulu-Natal Department of Agriculture and Rural Development

The Cedara Research Station (S29° 32' 15 33, E30° 16' 09 19) is situated in the moist mist-belt zone of the KwaZulu-Natal Midlands (900 to 1 400 m above sea level), which receives an average annual rainfall of between 800 to 1 140 mm.

The warm and wet summer conditions are ideal for the appearance of early blight (*Alternaria solani* Sorauer) and late blight (*Phytophthora infestans* [Mont.] de Bary) in potatoes (*Solanum tuberosum* L.). The severity of these diseases, especially late blight, can cause crop losses of up to 100% if fungicides are not applied regularly. As a result, seed and table producers will incur large financial losses, while household growers, who do not always have the resources to purchase fungicides, could become food insecure if their crops fail. A solution for household growers is to grow cultivars with good tolerance to late blight.

Testing tolerance to blight

A trial was conducted in the 2020/2021 growing season at

the Cedara Research Station to identify cultivars with tolerance to late blight. Seventeen cultivars were evaluated under irrigation using a split-plot design with three replicates. The cultivar was the main plot, which was split for fungicide application and no fungicide application.

The trial was planted on 16 September 2020 at a seeding rate of 37 037 tubers/ha. Fertiliser

was applied according to Fertrec recommendations for a 70 t/ha yield based on the results of a soil analysis. In total, 120 kg/ha P, 120 kg/ha K and 240 kg/ha N were applied.

Each split-plot consisted of four rows of 5 m in length, and rows were spaced 0.9 m apart. Six fungicides (systemic and contact) were applied weekly in a rotation commencing immediately after

Figure 1: The percentage disease incidence of late blight on seven sprayed cultivars over time.




Table 1: Monthly rainfall and mean monthly maximum and minimum temperatures at Cedara during the 2020/2021 growing season.

Month	Rainfall		Maximum temperature		Minimum temperature	
	2020/ 2021	Long-term mean	2020/ 2021	Long-term mean	2020/ 2021	Long-term mean
	(mm)		(°C)			
September	13	50	22.7	22.3	8.4	8.8
October	63	84	24.3	22.5	11.6	10.7
November	188	112	24.7	23.4	13.3	12.5
December	111	127	27.5	24.8	16.3	14
January	123	125	27.6	25.2	16.7	15
February	85	127	26.6	25.3	16.2	15
Total/mean	583	625	25.6	23.9	13.8	12.7

Table 2: Seed quality rating, number of days after planting (DAP) to 75% emergence, plant density, haulms/plant and growth vigour of the 17 cultivars.

Cultivar	Plant readiness*	75% emergence (DAP)	Plant density (number/ha)	Haulms/plant (number)	Growth vigour
Allison	3	19	36 674 ab#	5.700 de	5
Alverstone Russet	3	20	37 037 a	4.950 eg	5
El Mundo	2	22	36 855 ab	9.717 a	5
Electra	2	26	36 855 ab	8.525 b	5
Kingsman	3.5	19	37 037 a	3.667 ij	5
Labadia	2	22	37 037 a	4.567 fh	5
Lanorma	2.5	27	34 495 c	3.500 ik	4
Mondeo	2	22	35 948 ab	6.633 c	5
Mondial	3	21	36 129 ab	5.117 df	5
Morgana	3	19	37 037 a	5.783 d	3
Panamera	2.5	24	36 674 ab	2.300 l	5
Sababa	3	21	36 129 ab	4.500 fh	5
Sifra	3	21	37 037 a	3.000 jl	4
Sound	3.5	20	36 492 ab	4.917 eg	5
Taisiya	3	22	35 585 bc	4.200 gi	3
Tyson	3	21	37 037 a	2.800 kl	5
Valor	2	24	36 855 ab	3.817 hi	5
Mean	2.7	22	36 524	4.923	4.6


*Plant readiness of seed tubers: 1 = fresh, 2 = slightly fresh, 3 = slightly ready, 4 = slightly old, 5 = old.

ridging on 26 October 2020 until 26 January 2021. Insecticides were applied weekly to the whole trial.

Data was collected from the two middle rows. Twelve ratings of blight disease incidence and severity were conducted between 18 November and 3 February 2021. Harvesting occurred from 5 January to 3 February, approximately two to three weeks after dieback of each plot.

Below-average rainfall was received during the growing season (Table 1). From planting to harvest of the last cultivars, 497.3 mm of rain was received, and 201 mm of irrigation was applied. The mean

Figure 2: The percentage disease incidence of late blight on seven unsprayed cultivars over time.



Reitz val in Suid-Afrika se gematigde somerreënvalgebied (*Figuur 1*) en ervaar die afgelope 18 jaar 'n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 475 mm. Hierdie streek word deur warm somers en baie koue winters gekenmerk, met ryp wat vanaf Mei tot Augustus kan voorkom.

Hierdie standproef is uitgelê in sandleemgrond in 'n ewekansige blokontwerp met vier herhalings per populasiegrootte. Twee gewilde Oos-Vrystaat-kultivars, naamlik Lanorma en Mondial, is in die proef ingesluit. In *Tabel 1* word ander tegniese inligting rakende die proefperseel gegee. Grondmonsters is vóór plant geneem om die grondvoedingstatus van die proefperseel te bepaal (*Tabel 2*).

Figuur 1: Ligging van Reitz in die Oos-Vrystaatse produksiegebied.



Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende die proefperseel en uitleg.

Plaas	Swartkrans			
Boer	Fick en Seun Boerdersy			
Plant- en oesdatums	Jaar 1	12 September 2018 tot 14 Maart 2019		
	Jaar 2	24 Oktober 2019 tot 7 Mei 2020		
	Jaar 3	20 Oktober 2020 tot 26 Mei 2021		
Besproeiing/droëland	Aanvullende besproeiing			
Dubbel- of enkelrye	Trapsgewys – dubbelrye in wal			
Loofafsterwe	Natuurlik			
Tussenry-spasiëring	1.8 m			
Proefperseel	18 m ²			
Kalibrasies vir stand	51 680 plante/ha			
	26 250 plante/ha (26 000): 42 cm inry-spasiëring			
	28 180 plante/ha (28 000): 39 cm inry-spasiëring			
	30 000 plante/ha (30 000): 36 cm inry-spasiëring			
	32 420 plante/ha (32 000): 34 cm inry-spasiëring			
	34 200 plante/ha (34 000): 32 cm inry-spasiëring			
Bemestingsprogram				
	Voedingswaarde			
		N (kg/ha)	P (kg/ha)	K (kg/ha)
Voor plant	Jaar 1	130	90.45	90.45
	Jaar 2	130	90.45	90.45
	Jaar 3	128	94.6	457.1
Ná opkoms (bandplaas)	Jaar 1	13	–	38
	Jaar 2	13	–	38
	Jaar 3	–	–	–
Ná opkoms (deur spilpunt)	Jaar 1	24.22	2.4	4.84
	Jaar 2	24.22	2.4	4.84
	Jaar 3	24	2.4	4.8
Totaal	Jaar 1	167.22	92.85	133.29
	Jaar 2	167.22	92.85	133.29
	Jaar 3	152	97	161.9

Evaluering

Die evaluering van die standkategorieë soos in die Reitz-standproef, verskaf resultate rakende onder andere opbrengs- en bemarkingsindeks. Die bemarkingsindeks word bereken deur 'n herhaling van elkeen van die standkategorieë van elkeen van die twee kultivars te klas en te sorteer volgens gehalte en groottegroepe (byvoorbeeld Klas 1 Groot of Klas 2 Groot tot Medium). Dienooreenkomstige prysvergelykings word dan gemaak met markpryse soos verkry ten tye van oes.

Soos met enige gewas is die temperature, beskikbaarheid van water (hetsy goeie besproeiingskedulering of reënval), sowel as hitte-eenhede belangrike faktore wat 'n wesenlike invloed gedurende die aartappelplant se groeitydperk uitoefen. Hierdie faktore word dus in aanmerking geneem wanneer die prestasie van verskillende behandelings geëvalueer word. Toepaslike daaglikse en langtermynweerde data word verkry vanaf 'n gekose Landbounavorsingsraad-weerstasie wat so naby as moontlik aan die proefperseel geleë is.

Die reënvaldata vir die drie seisoene van die proef (2019 tot 2021) word in *Figuur 2* aangedui. Seisoen 1 is gekenmerk aan lae reënval in die eerste helfte van die seisoen, maar ook reënval wat ietwat bo die gemiddelde langtermyn-tendens in die laaste drie maande vóór uithaal is.

As gevolg van 'n lang droog-tetydperk, was die dam waaruit besproei moes word se watervlak deurgaans laag. Derhalwe kon daar nie besproei word volgens plantbe-

Tabel 2: Grondvoedingstatus van proefperseel vóór plant.

	Organiese materiaal	pH (H ₂ O)	P-Bray					% van KUK ¹			
			p	K	Ca	Mg	Na	K	Ca	Mg	Na
			(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	%	%	%	%
Jaar 1	1.26%	5.8	41.0	242	1 119	113	39	6.2	55.9	9.4	1.7
Jaar 2	1.21%	5.75	42.7	250	1 204	102	41	6.4	57	9.4	1.8
Jaar 3	1.3%	5.8	44	238	1 093	118	27	6.1	55	9.5	1.6

¹KUK = Katioon-uitruilkapasiteit.

hoeft nie, maar noodgedwonge volgens beskikbaarheid van water. 'n Totaal van 80 mm is aanvullend besproei vir die seisoen. Die sub-optimale hoeveelheid besproeiing as gevolg van omstandighede mag dalk ook die relatiewe lae opbrengs in groot aartappels verklaar.

Seisoen 2 het genoegsame reënval ervaar (wat ook duidelik reflekteer in die goeie opbrengste behaal), met ver bogemiddelde reënval in die middel van die seisoen gedurende Desember en Januarie. Seisoen 3 het ook 'n reënvaltendens ver bokant die langtermyn gemiddeld getoon, maar lang tydperke van druipnattoestande op kritieke tye het beslis bygedra tot 'n opbrengs wat ietwat laer as die voorafgaande seisoen was.

Hitte-eenhede en temperature


Minimum- en maksimumtemperature word in *Figuur 3* en *4* uiteengesit. Seisoen 1 is gekenmerk deur etlike dae van temperature wat noemenswaardig hoër was as die langtermyn gemiddelde maksimumtemperature, veral in die middel van die seisoen tussen November en begin Januarie.

Seisoen 2 was 'n meer gematigde seisoen wat maksimumtemperature betref, met die uitsondering van warm tydperke oor November en Desember. Seisoen 3 het ondergemiddelde maksimumtemperature ervaar, behalwe in Oktober net ná plant, asook meer na die einde van die seisoen vir 'n week gedurende April.


Die versameling van hitte-eenhede gedurende 'n groeitydperk is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n aartappelplant. Die tendens van hitte-eenhede beskikbaar vir die proef van Seisoene 1 en 3 blyk baie na aan die tendens vir die langtermyn data van hitte-eenhede te wees (*Figuur 5*). Seisoen 2 het 'n akkumulاسie van hitte-eenhede ietwat bo die langtermyn gemiddeld getoon, met besonder warm tydperke in die eerste twee maande ná plant.

Opbrengsdata versamel tydens oesdag, word onderwerp aan statistiese verwerking met behulp van die GenStat®-program. Die Tukey-toets


Figuur 2: Reënval vanaf 2019 tot 2021 asook die langtermyn gemiddelde reënval.



Figuur 3: Minimumtemperature vanaf 2019 tot 2021 sowel as die langtermyn minimumtemperature.




Figuur 4: Maksimumtemperature vanaf 2019 tot 2021 sowel as die langtermyn maksimumtemperature.



*Totale hitte-eenhede spesifiek bepaal vir aartappels as gewas (drumpeltemperatuur = 5°C). Bereken vanaf uurlikse data.

Figuur 5: Hitte-eenhede vanaf 2019 tot 2021 asook die langtermyn gemiddelde hitte-eenhede.



van kleinste betekenisvolle verskille (KBV) is gebruik om die gemiddelde te skei.

Die standeffek gedurende hierdie betrokke standproewe (Figuur 5) was statisties beduidend ($p < 0.05$) en die koëffisiënt van variasie (KV) was laag (tussen 5.7 en 12.4% vir al drie die seisoene, vir beide kultivars getoets). Hierdie faktore dui daarop dat die proef baie goed uitgevoer is en die resultate derhalwe betroubaar is.

Die opbrengs van elk van die standkategorieë word deur die

proefgemiddeld gedeel (die proefgemiddeld van al die standkategorieë word as 100% geneem). Hierdeur word 'n opbrengsindeks bepaal en word elke populasiegrootte se prestasie in terme van opbrengs as 'n persentasie van die proefgemiddeld gelees.

Lanorma

Die gemiddelde opbrengs van die Lanorma-standproef in Seisoen 1 is 45.41 t/ha, Seisoen 2 is 57.42 t/ha en Seisoen 3 is 44.05 t/ha. Geen van


die standkategorieë het by enige van die drie jare statisties betekenisvolle verskille in opbrengs getoon nie (Figuur 6).

Tendense vir opbrengs by die plantdigtheid kan wel onderskei word na gelang van die betrokke jare se reënval en temperatuur. By Seisoen 1 (gekenmerk deur suboptimale reënval en besproeiing) het dit voorgekom of Lanorma die beste opbrengs behaal het by 'n stand van 32 000 plante/ha (hoewel statisties nie betekenisvol nie), maar

Tabel 3: Hoofredes vir afgradering by Lanorma (2019 tot 2021).


Stand (plante/ha)	2019		2020				2021		
	Misvorming	Sandspleet	Mot	Insekte	Vergroening	Aalwurm	Insekte	Mot	Sandspleet
26 000	x		x	x	x		x	x	
28 000	x		x	x	x	x	x	x	
30 000	x		x	x	x		x	x	x
32 000	x	x	x	x	x		x	x	
34 000	x		x	x			x	x	

Figuur 6: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per standkategorie van Lanorma as persentasie van die proefgemiddeld (2019 tot 2021).




*Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.


Figuur 7: Gradering van elke standkategorie getoets vir Lanorma (2019 tot 2021).



Figuur 8: Groottegroepverspreiding van elke standkategorie vir Lanorma (2019 tot 2021).



Figuur 9: Drie-jaar prestasie (2019 tot 2021) van Lanorma-standkategorieë in die proef getoets (uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeld).



die beste bemarkingsindeks met 26 000 plante/ha behaal het.

Seisoen 3 (met vogstres soos vroeër aangedui) het ook by 32 000 plante/ha die beste opbrengs gelewer (hoewel nie statisties betekenisvol nie), sowel as die beste bemarkingsindeks met 32 000 plante/ha. Seisoen 2, wat baie meer gematigde temperature asook genoegsame en beter verspreide reënval ervaar het, het 'n baie hoër opbrengs gelewer as die ander twee seisoene, maar so ook minder sigbare verskille in opbrengs en die bemarkingsindeks.


Figuur 7 toon die verskille in terme van gradering by die verskillende standkategorieë vir Lanorma in die drie jaar van die proef se afloop. Dit blyk dat die meeste Klas 1-aartappels gemiddeld gelewer word by 32 000 stand. In die droë seisoen van Jaar 1 was baie min Klas 3 en geen weggooiklas-aartappels aangeteken.

Die hoofredes vir afgradering was misvorming en sandspleet (Tabel 3). Misvorming is tipies van 'n seisoen soos wat hierdie proef vir die eerste seisoen ervaar het, met vogstres en/of hoë temperature. Die proef het fluktuasies in die beskikbaarheid van water ervaar, asook baie hoë temperature. Wanneer strestoestande weer eindig nadat onderbreking in die groei tydperk plaasgevind het, vind misvorming plaas wanneer groei weer naby die aartappel se groei punte hervat.

In Seisoen 2 waar groot opbrengs ervaar is, was uiteraard meer weggooi-aartappels aangeteken met mot- en ander insekskade wat die hoofsaak was. Mot- en insekskade was ook in Seisoen 3 die groot rede vir afgradering. Beide die twee laaste seisoene se grootste hoeveelheid afgradering (vernaam weggooiklas) was by 'n 26 000-stand aangeteken.

Seisoen 2 is die enigste seisoen waar Ekstra Groot aartappels aangeteken is, en dit reflekteer in die goeie opbrengs (Figuur 8). Wanneer die drie seisoene vergelyk word, blyk dit dat Lanorma by 'n 30 000-stand die meeste Ekstra Groot-, tot Groot tot Medium-aartappels opgelewer het.

Figuur 10: Persentasieverandering in inkomste (na gelang van stand) met saadkoste as funksie van opbrengs (uitgedruk as basislyn: 26 000 stand = 0%).



Figuur 9 toon opbrengs as 'n persentasie van die proefgemiddeld oor drie jaar. Na aanleiding van hierdie figuur, wil dit voorkom of Lanorma (afgesien van verskille in seisoene), die mees konstant presteer het onder 30 000- sowel as 34 000-stand.

'n Marge word in Figuur 10 geïllustreer. Die vermeerdering of vermindering in wins (slegs met betrekking tot saadkoste na gelang van standverhoging) word hier

uitgebeeld. Moerkoste is afgetrek van inkomste/ha en 'n 26 000 stand is as basislyn (of 100%) gestel.

Die persentasie op die figuur is dus 'n persentasieverandering in inkomste by elke stand vergeleke met die 26 000-stand. As die verskille van die 28 000-stand byvoorbeeld geneem word, beteken die vermeerdering in moere dat daar 'n 9.73% verlaging in inkomste tot gevolg is, in vergelyking met die


26 000-stand in Jaar 1, maar in Jaar 2 en 3, onderskeidelik, 'n 3.4 en 10.79% verhoging in inkomste weens beter opbrengs by 'n hoër stand/ha.

As alles in ag geneem word, wil dit dus voorkom of die verhoging in stand die meeste sin maak vanuit 'n moerkoste- vs. opbrengs-oogpunt by 'n 30 000- en 32 000-stand. Dit is veral die geval in Jaar 3, waar 26.94 en 30.14% meer inkomste

Tabel 4: Hoofredes vir afgradering in Mondial (2019 tot 2021).

Stand (plante/ha)	2019		2020				2021		
	Misvorming	Sandspleet	Aartappelmot	Vergroening	Misvorming	Swartspikkel	Misvorming	Aartappelmot	Sandspleet
26 000	x		x	x	x	x	x	x	
28 000	x		x				x	x	x
30 000	x		x	x		x	x	x	
32 000	x	x	x				x	x	x
34 000	x		x				x	x	x

Figuur 11: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per standkategorie van Mondial as persentasie van die proefgemiddeld (2019 tot 2021).



*Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.

gegeneer is in vergelyking met die 26 000-stand.

Mondial

Die gemiddelde opbrengs van die Mondial-standproef in Seisoen 1 is 40.26 t/ha, Seisoen 2, 62.55 t/ha en Seisoen 3, 54.07 t/ha. Geen van die standkategorieë het by enige van die drie jare statisties betekenisvolle verskille in opbrengs getoon nie (Figuur 11).


Tendense vir opbrengs by die plantdigthede kan wel onderskei word na gelang van die betrokke jare se reënval en temperature. In Seisoen 1 (gekenmerk deur sub-optimale reënval en besproeiing) het dit voorgekom of Mondial die beste opbrengs behaal het by 'n stand van 32 000 plante/ha (hoewel statisties nie betekenisvol nie), asook die beste bemarkingsindeks met 32 000 plante/ha.

Seisoen 3 (met vogstres soos vroeër aangedui), het ook by 32 000 plante/ha die beste opbrengs gelewer (hoewel nie statisties betekenisvol nie) en die beste bemarkingsindeks was te sien by 26 000 en 32 000 plante/ha. Seisoen 2, wat baie meer gematigde temperature asook genoegsame en beter verspreide reënval ervaar het, het 'n baie hoër opbrengs gelewer as die ander twee seisoene, maar so ook minder sigbare verskille in opbrengs- en bemarkingsindeks.


Figuur 12 toon die verskille in terme van gradering by die verskillende standkategorieë vir Mondial in die drie jaar van die proef se afloop. Die meeste Klas 1-aartappels word gemiddeld gelewer by 'n 26 000 stand. In die droë seisoen van Jaar 1 was 'n redelike hoeveelheid Klas 3-aartappels aangeteken. Die hoofrede vir hierdie afgradering was misvorming (Tabel 4).

Soos vroeër genoem, is misvorming tipies van 'n seisoen soos wat hierdie proef vir die eerste seisoen ervaar het, met vogstres en/of hoë temperature. Die proef het fluktuasies in die beskikbaarheid van water ervaar, asook baie hoë temperature. Wanneer strestoestande weer eindig nadat 'n onderbreking in die groeitydperk plaasgevind het, vind


Figuur 12: Gradering van elke standkategorie getoets vir Mondial (2019 tot 2021).




Figuur 13: Groottegroepverspreiding van elke standkategorie vir Mondial (2019 tot 2021).



Figuur 14: Drie-jaar prestasie (2019 tot 2021) van Mondial-standkategorieë in die proef getoets (uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeld).



Figuur 15: Persentasieverandering in inkomste (na gelang van stand) met saadkoste as funksie van opbrengs (uitgedruk as basislyn: 26 000 stand = 0%).



misvorming plaas wanneer groei weer hervat naby die aartappel se groeipunte. In Seisoen 2, waartydens 'n groot opbrengs gerealiseer is, was daar by Mondial ook meer weggooi-aartappels aangeteken met motskade as die hooforsaak. Motskade en misvorming was in Seisoen 3 die groot redes vir afgradering.

Seisoen 2 is die enigste seisoen waar Ekstra Groot aartappels aangeteken is en dit reflekteer in die goeie opbrengs (Figuur 13). Wanneer die drie seisoene vergelyk word, wil dit voorkom of Mondial rakelings by 26 000- en 32 000-stande die meeste Ekstra Groot-, tot Groot tot Medium-aartappels opgelewer het.

Figuur 14 toon opbrengs as 'n persentasie van die proefgemiddeld oor drie jaar. Na aanleiding van hierdie figuur, wil dit voorkom of Mondial (afgesien van verskille in seisoene), die meeste konstant presteer het onder 'n 30 000-stand, maar gemiddeld beter opbrengs by 'n 32 000-stand gelewer het.

Die marge van die Mondial-prysvergeljking van moerkoste teenoor inkomste (opbrengs) word in Figuur 15 geïllustreer. Op hierdie grafiek blyk dit dat die basislyn-stand van 26 000, die kostedoeltreffendste van die vyf standkategorieë is met betrekking tot moerkoste. Van 28 000- tot 34 000-stand toon 'n verlaging in persentasie inkomste wanneer dit met 26 000 moere/ha geplant vergelyk word. Ⓞ

Vir meer inligting, kontak Enrike Verster by enrike@potatoes.co.za of Herman Haak by herman@potatoes.co.za.



MYBURGH

Toerusting



Dammer

- R30 750 + BTW per eenheid.
- Vang jou water op.
- Bespaar op besproeiingskoste.



Massaaktoring

- R51 500 + BTW
- Tel 1 ton op met 60kW 4x4.
- Tel 3m hoog op.

Jannie Myburgh 082 417 0175
mybtoer@gmail.com

www.mtoer.co.za



BUCKLE PACKAGING (PTY) LTD
Bag Closing Technology



FISCHBEIN
NUMBER 1 CHOICE
IN AFRICA

STITCHING MACHINES

Designed to close a wide variety of industrial packaging materials including paper, plastic, woven polypropylene and jute bags.

Call us on:
+27 11 613 8024

email: info@bucklepack.co.za • www.bucklepack.co.za

INTEGRITY, QUALITY, INNOVATION

CULTIVATED CHOICES

MANAGING DIRECTOR:

Gerhard Posthumus - 082 375 1870 - gerhard@wesgrow.co.za

NATIONAL & EXPORTS:

Marketing Manager: Charl Nel - 082 388 0522 - cnel@wesgrow.co.za

Sandveld & Ceres:

Van Zyl du Toit - 082 316 2839 - vanzyl@wesgrow.co.za

Charl de Kock - 082 929 4591 - cdecock@wesgrow.co.za

Eastern & North Eastern Cape:

Ettienne Groenewald - 082 948 2821 - ettienne@wesgrow.co.za

Gauteng, South Western Free State & Mpumalanga:

Eon Cordier - 082 330 5800 - eon@wesgrow.co.za

Western & Eastern Free State:

Dirk Pretorius - 082 579 1841 - dirk@wesgrow.co.za

Lauwrens Steyn - 083 387 7339 - lauwrens@wesgrow.co.za

KwaZulu-Natal:

Gavin Hill - 082 490 9489 - gavin@wesgrow.co.za

Limpopo:

Chris Prinsloo - 082 572 4403 - chris@wesgrow.co.za

Northern Cape & North West:


Charl Nel - 082 388 0522 - cnel@wesgrow.co.za

Southern Cape:

Charl de Kock - 082 929 4591 - cdecock@wesgrow.co.za



www.wesgrow.co.za



VARIETY

of

SOLUTIONS

SABABA


- * big size tubers
- * powdery scab resistant
- * very strong foliage
- * blight resistance

TYSON

- * early bulking
- * powdery scab resistance
- * even tuber set, big sizes

ALLISON

- * very high yield
- * strong emergence
- * drought tolerance



PANAMERA

- * high yield
- * bright smooth skin
- * blight resistance

SIFRA

- * bright smooth skin (prepacker)
- * high yield
- * high percentage first grade

MONDIAL

- * we still aim to supply the best quality seed all year round

CVO Vivo Boerebemarkingsdag nóg groter!

Deur Chantel du Raan en Janó Bezuidenhout, Aartappels SA

Impopulo se grootste boeredag het vanjaar vanaf 8 tot 9 Oktober by Die Drukgang in Vivo plaasgevind en was ten bate van die CVO Vivoskool. Dit is die eerste keer wat dié boeredag oor twee dae gehou is en dit was 'n reusesukses.

Dit is nie net 'n unieke netwerkgeleentheid nie, maar ook 'n dag wat gesinne saam kan geniet. Die twee-dag geleentheid het met talle uitstallings, landboudemonstrasies, veeveilings, vermaaklikheid en optredes deur gaskunstenaars gespog. Aartappels Suid-Afrika (ASA) was trots om deel van hierdie propvol program te kon wees.

Kenner spreek produsente toe

Willie Jacobs, uitvoerende hoof van ASA, het die spreekbeurt geopen met 'n kort oorsig oor waarmee ASA in die bedryf besig is, en vertel hoe tegnologie deel van ASA se daaglikse aktiwiteite gaan word.

Francois Knowles, registrateur van die Raad van Landbouprodukte-agente (APAC) het oor die organisasie

se mandaat gesels en gesê dat hulle verantwoordelik is vir die regulering van varsprodukte-, uitvoer- en lewendehawe-agente. Knowles het produsente ook ingelig oor verskeie gevaartekens waarna hulle moet oplet wanneer hulle van dié agente gebruik maak.

Baie dankie aan die organiseerders van die CVO Vivo Boerebemarkingsdag en welgedaan met twee puik dae. ASA sien uit na volgende jaar se byeenkoms!

Tydens die byeenkoms is besluit dat APAC werkswinkels vir produsente en hul personeel sal aanbied. Daarna het Janó Bezuidenhout, inligtingspesialis by ASA, 'n oorsig van historiese en huidige markdata aangebied.

Deon van Zyl, uitvoerende hoof van die varsprodukte-agente-maatskappy, Grow, het produsente



Francois Knowles, registrateur van die Raad van Landbouprodukte-agente, het oor die belangrikheid van varsprodukte te midde van Covid-19 en die impak van die plundery wat vroeër vanjaar in KwaZulu-Natal en Gauteng plaasgevind het, gepraat.

oor die belangrikheid van varsprodukte te midde van Covid-19 en die impak van die plundery wat vroeër vanjaar in KwaZulu-Natal en Gauteng plaasgevind het, ingelig. Hy het produsente versoek om die varsproduktemarkte te bewaar, sodat die markte nie 'n stille dood sterf nie.

Dendron-kultivarproef uitgestal

ASA het op 11 Mei 2021 'n statistiese kultivarproef by Zandput Boerdery in Dendron geplant. Die proef het uit 13 kultivars bestaan en is op 30 September 2021 geoes. Die resultate is voorgehou en voorbeelde van knolle en skyfies van elke kultivar, is tydens die dag uitgestal. Die gemiddelde opbrengs was 70.4 t/ha, waarvan die kultivar met die hoogste opbrengs 86.2 t/ha behaal het. Die resultate sal in 2022 in CHIPS gepubliseer word. **C**



Talle uitstallings, landboudemonstrasies, veeveilings, vermaaklikheid en optredes deur gaskunstenaars het die dag gekenmerk.




ASA het op 11 Mei 2021 'n statistiese kultivarproef by Zandput Boerdery in Dendron geplant. Die proef het uit 13 kultivars bestaan en is op 30 September 2021 geoes.

Vir enige navrae, kontak Chantel du Raan by chantelr@potatoes.co.za.

MAKE EVERY DROP COUNT, IMPROVE SOIL HEALTH AND ENSURE SUSTAINABLE CROP PRODUCTION

TRANSFORMER as a soil conditioner is able to:



Infiltration rate of water into soil is improved for up to four months after treatment - resulting in reduced run-off.

TRANSFORMER can be applied at the beginning of the season through your irrigation system to maximize the efficient use of water. Alternatively, apply any time during the season when your crop is most sensitive to water stress or when heat or water stress is expected.

oroagri.co.za | [f](#) @oroagrisa | [i](#) @oroagrisa

TRANSFORMER SA contains 100 g/l cold-pressed orange oil.

CAUTION | Reg. No B4664 (Act No. 36 of 1947) **TRANSFORMER** SA is a registered trademark of Oro Agri SA (Pty) Ltd (Reg. No 2001 / O27414 / O7) | P.O. Box 475, Somerset Mall, 7173 | Tel +27 21 850 0667 | Griffon Poison Centre +27 82 446 8946

Tom Burke-proewe besigtig

Deur Chantel du Raan, Aartappels Suid-Afrika

In 'n bedryf wat geografies so wyd verspreid is en waarin die behoefte aan inligting vir 'n spesifieke area so groot is soos in die aartappel-bedryf, is dit belangrik om proewe uit te voer wat streekspesifieke behoeftes aanspreek.

Op 12 November 2021 is terugvoer gegee oor die jaarlikse Tom Burke-kultivarevaluasieproef. Die terugvoer het in 'n uitstalformaat in die Tom Burke Boerevereniging se saal plaasgevind. Die proef was statisties uitgevoer by Ratho Boerdery en het bestaan uit 13 kultivars, wat

'n groot hoeveelheid nuwe kultivars ingesluit het.

Proefbesonderhede

Die proef is op 17 Junie 2021 geplant en op 4 November 2021 geoes. Die resultate is aangebied en voorbeelde van knolle en skyfies van elke kultivar, is tydens die inligtingsdag uitgestal. Die gemiddelde opbrengs was 50.4 t/ha, waarvan die kultivar met die hoogste opbrengs 61.4 t/ha behaal het. 'n Laer opbrengs as gewoonlik is aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die LEPA (Low Energy Precision Application)-stelsel se besproeiing nie so doeltreffend en eenvormig op die land was nie.

Resultate

Van die nuwe kultivars wat in die proef ingesluit was, het vir 'n paar verrassings gesorg wat opbrengs en skyfiegehalte betref. Hoewel daar nie groot verskille in die kultivars se opbrengs was nie, was daar definitiewe verskille in grootteverspreiding en gehalte.

Interessante resultate rakende die spasiëringsproewe wat die afgelope jaar by twee boere in Tom Burke uitgevoer was, was ook beskikbaar. Die behandelings het drie moertellings (telling van 140, 250 en 400) asook vyf spasiërings (25.5 cm, 30.5 cm, 34 cm, 39.5 cm en 44 cm) ingesluit. 📍

Hou gerus komende uitgawes van **CHIPS** dop vir die finale verslae van hierdie proewe.

Vir meer inligting, kontak Chantel du Raan by eposchantelr@potatoes.co.za.









PLANT
GRIMME



UITHAAL
GRIMME



PAK
DORMAS

KONTAK ONS GERUS
 Hannes van Aarde
 082 559 8501
hannes@dormas.co.za
 Kantoor 011 496 2800



Dormas Implements,
Dormas Vegetable Handling

Ontwerp deur Plast Media APT/21

Deel 6: Die effek van mikroklimaat op siekte-ontwikkeling

Deur dr Fienie Niedewieser, Aartappels SA

Die feit dat 'n knol net op een helfte van die oppervlak bruinskurfletsels vertoon en nie die ander helfte nie, is waarskynlik as gevolg van die grondtoestande waarin die knol gegroei het.

Die deel van die knol met sigbare simptome, het waarskynlik gegroei in grond wat droog en warm is – moontlik aan die kant van die wal. Die deel van die knol wat nie simptome toon nie, het waarskynlik in koel grond met ideale grondwaterinhoud ontwikkel.

Die ideale toestande vir bruinskurf is droë, warm grond. Hierdie geval is 'n goeie illustrasie van die rol wat mikroklimaat in die ontwikkeling van 'n siekte speel. 🌱



'n Knol wat bruinskurfletsels op net een helfte van die oppervlak vertoon. (Foto: N Wagner)

Vir enige navrae rondom dié aartappelsiekte, kontak dr Fienie Niedewieser by 083 634 4848.

ONTSLUIT DIE GROEN REVOLUSIE!





WORLD FOCUS
agri

*Plantenergie bestuur deur
Innoverende Tegnologie*

ORGANIESE GROEISTIMULANTE

ORGANIES GECELEERDE BLAARVOEDING

ULTRA-FYN KALK & GIPS

GROND REGSTELLERS

Kontak ons

082 452 8983 | 083 542 3106
admin@worldfocusagri.com

www.worldfocusagri.com

Januarie / Februarie 2022 ♦ CHIPS

69

PIDT and NAMC engage with successful New Era farmers in Limpopo

By Hanrie Greebe, Potatoes SA

Transformation is high on the agenda in the potato industry. In the Potatoes SA (PSA) Enterprise Development beneficiary pipeline, 19% of participants are in their second year, 62% in their third year and 19% in year six. On-farm mentorship support is an integral part of the Enterprise Development Programme. Industry-related training was released on DVDs in eight languages and distributed at various agriculture-related events. Business mentorship as well as accounting services support have been introduced to all farmers in the programme.

The Enterprise Development Programme of PSA has participants in Limpopo, Mpumalanga, KwaZulu-Natal and the Western Cape, ten farmers of which are situated in Limpopo. Three of these farmers' hectares were expanded and, apart from the PSA contribution, further infrastructure and inputs support is received from the Department of Agriculture Land Reform and Rural Development (DALRRD).

Members of the Potato Industry Development Trust (PIDT), National Agricultural Marketing Council (NAMC), PIDT Transformation Advisory Committee (PTAC) and PSA visited five successful New Era farmers in Limpopo on 1 and 2 December 2021. The delegation consisted of Dr Ben Pieterse, chairperson of the PIDT, Nokanyo Moyake of PIDT, Gert Bester, PTAC and PSA board member, Bonani Nyhodo, Matsobane Mpyana, Brian Makhele and Precious Yeki of the NAMC, Rodney Mbuyazi, chairperson of the PSA Transformation Committee and a

PSA board member, and Nomvula Xaba, PSA's transformation manager.

A visit to Afrikan Farms

Afrikan Farms is currently owned and managed by Siphwe Khumalo, its financial director and Vusi Khanyile, chairperson of the board of directors. The business has 2 396 ha available in Mpumalanga which is currently utilised for grazing. Afrikan Farms in Marble Hall comprises 86 ha of which 46 ha is under irrigation, 26 ha under grazing and 12 ha is dryland.

Potatoes were produced for the first time in 2020 with a yield of 48 t/ha. After a vigorous selection process, including the compilation of a business plan which was presented to different PSA approval committees, the farm commenced its first year under

the PSA Enterprise Development Programme.

Approval was granted for 20 ha on which Mondial was planted. The crop was harvested from the third week in November until the first week in December 2021. Afrikan Farms successfully implemented the envisaged production plan under the mentorship of Alex Jandrell.

The business has been working with the following partners:

- AECI Plant Health, providing crop protection advice.
- Tiger Brands, an offtaker for white beans.
- RSA Market Agents.
- Easy Greens, which assists with washing, sorting, and packaging of potatoes.
- SABIE Farming, assisting with final land preparation, planting and harvesting of potatoes.



Gert Bester, PTAC and PSA board member, Dr Ben Pieterse, PIDT chairperson, Siphwe Khumalo, financial director at Afrikan Farms, and Nokanyo Moyakhe of the PIDT, inspecting the last of the season's potato harvest at Afrikan Farms.



Siphiwe Khumalo, financial director of Afrikan Farms, with Gert Bester, board member of PTAC and PSA, discussing the long-term benefits of access to an on-site sorting machine.

The farm in Limpopo has a 23 ha centre pivot used to irrigate the potato crop. There are four boreholes with a pump station along with a 500 000-litre reservoir for steady water supply. Other infrastructure include farm dwellings and an office. In terms of mechanisation, the farm has three tractors with trailers, seed planters, boom sprayers, a slasher, mist blower, bale handler as well as firefighting units. To complete its farming activities, the farm also has an old model potato harvester and a branded delivery truck.

Afrikan Farms plans to expand its potato production to 30 ha on the Mpumalanga farm in 2022. To accommodate the planned expansion, the business is currently in the process of registering for more than 50 000 m³ worth of water rights per annum with the Department of Water and Sanitation. Although the business mainly focusses on the production of potatoes, some commodities such as spinach, tomatoes, lettuce, white beans, and cabbage are currently produced on the farm in Marble Hall. The vegetables are mostly sold to national fresh produce markets and local supermarkets.

The following opportunities are needed to assist Afrikan Farms in becoming a commercially viable agricultural concern:

- Access to funding for developing a packhouse.
- A potato sorting, washing, and packaging machine.
- A generator to support the irrigation schedule as disruptions are currently caused by load shedding.

- Access to funding to acquire a bigger potato planter and a potato harvesting machine.

**Kaalbult Farming:
Petrus Ratsomane**

Kaalbult Farming in Limpopo was established by the late father of Petrus Ratsomane, who inherited his father's name. Petrus is in his third year of the PSA Enterprise Development Programme. Farming activities are currently conducted on a 120 ha portion of land acquired through a permission to occupy (PTO) from the local tribal authority.

In 2021, Petrus planted 20 ha of potatoes which was harvested in October 2021 and attained an extraordinary yield of 71 t/ha. Produce was sold to the Mozambique market as well as the local national fresh produce markets at R5 300 per ton. The farm has successfully implemented its envisaged production plan under the mentorship of Alex Jandrell, VKB and Solly's Boerdery.

Kaalbult Farming has been working with the following partners:

- VKB, which provided a production loan, mentorship, offtake for sugar beans, seed contributions, fertilisers, and chemicals.
- Novon, providing crop protection advice.



Gert Bester, PTAC and PSA board member, with Petrus Ratsomane of Kaalbult Farming.



NE?!

SIR,
GO ON AND RELAX THE
NOVON PROTECTA TEAM
HAS YOUR BACK!



COME MOTH,
LET'S GET
OUTTA HERE!



CONTACT:

Address: 32 Malan street,
Bethlehem, 9700.

Tel: 058-303-3785

Website: www.novonprotecta.co.za

NOVON
PROTECTA

Illustraties deur Marth Schwelbe, Schink Art

The farm currently has two 10 ha centre pivots, three equipped boreholes, a storage facility and a dwelling. In terms of mechanisation there are two tractors, a planter, potato harvester, plough, rippers, disc harrow, two-wheel trailer and a 1 000-litre boom sprayer for chemical application.

Petrus intends to purchase an additional 10 ha centre pivot and plant potatoes on 30 ha in 2022. He will be deforesting new fields on the current 120 ha land. The business is also involved in the production of other crops such as sugar beans and sweetcorn which are sold to VKB and the open market respectively.

Opportunities required that can assist Kaalbult Farming in becoming a commercially viable agricultural concern include:

- Access to funding for developing a packhouse for potato sorting, washing, and a packaging machine.
- Selling all the potatoes to national fresh produce markets.

**Mankona Farming:
Andrew Nekgotha**

Andrew Nekgotha from Mankona Farming has been involved in the production of potatoes for nine years with 2021 marking his third year in the PSA Enterprise



Andrew Nekgotha of Mankona Farming in his potato field. (Photograph: Masabatha Motsoeneng)



Mentor Alex Jandrell with Andrew Nekgotha and assistant mentor Josh Jandrell. (Photograph: Masabatha Motsoeneng)

Development Programme. Farming activities are conducted on a 120 ha portion of land acquired through a PTO from the local tribal authority.

During the 2021 harvesting season, Andrew planted 7 ha and 10 ha of potatoes. The 7 ha field was harvested in October with a yield of 65 t/ha, while the 10 ha field which was harvested from the last week of November, was anticipated to sell at an average price of R6 000/ton.

Mankona Farming has successfully implemented its envisaged production plan under the mentorship of Alex Jandrell and Phophi Raletjena, a local commercial farmer. Additional support with the development of water infrastructure, implements, a tractor, potato seed, chemicals, and fertilisers was provided by the DALRRD. Furthermore, the farm is also involved in the production of butternuts and watermelons which are sold to the open market.

To conduct his potato farming operations, Andrew has centre pivots covering 7 ha and 10 ha for irrigation. There are five boreholes with a pump station along with a 960 000-litre reservoir for steady water supply. There is a storage facility as well as a tractor, disc harrow, planter, harvester, boom sprayer, fertiliser spreader and ripper.

Andrew plans to expand his potato production to 30 ha in the

next two years. This will require the purchase of an additional 13 ha centre pivot, two additional boreholes and upgrading the electrical transformer from 50 kva to 100 kva to ensure that there is sufficient electricity.

Opportunities required that can assist Mankona Farming in becoming a commercially viable agricultural concern include:

- Access to funding for developing a packhouse for potato sorting, washing, and a packaging machine.
- Selling all the potatoes to national fresh produce markets.

**Raletjena Farming:
Phophi Raletjena**

Phophi Raletjena is a commercial producer who farms in Teerven in the Blouberg municipality of Limpopo. He has eleven years of involvement in potato production under his belt and has been participating in the PSA Enterprise Development Programme for eight years. He is now a successful commercial potato producer. Phophi is also the first New Era farmer to be awarded PSA Enterprise Development Farmer of the Year.

Farming operations are conducted on 2000 ha of land acquired from the tribal authority. During the 2021 season, Phophi

planted 80 ha potatoes of which 40 ha were planted with Mondial and yielded 68 tons/ha. The harvest was sold to Mozambican traders. The other 40 ha was planted with FL2108 under an offtake contract with Simba. A relatively low yield of 48 t/ha was realised due to frost damage.

Phophi, who provides mentorship to New Era potato farmers in the region, has been working with the following partners:

- DALRRD, which provides infrastructure, implements and machinery.
- AECI, providing operational capital.
- VKB, providing technical support on an informal basis.
- Novon, providing crop protection advice.

Phophi's enabling potato farming operations include centre pivots, water reservoirs, equipped boreholes and a packhouse with a potato sorting machine. He also owns a planter, harvesters, tractors, a ripper, a disc harrow, a boom sprayer, trailers, forklifts and an 8-ton delivery truck. He is also involved in the production of other commodities such as onions and peppadews which are sold to the open market and Miami



Nomvula Xaba, PSA's transformation manager, with Phophi Raletjena and Gert Bester, PTAC and PSA board member, at Raletjena Farming.

respectively. A mixture of beans and cow candy is planted for crop rotation and animal feed.

In terms of expansion, Phophi is planning to expand his potato production to 200 ha in the next three to four years. He has acquired 2000 ha land from the tribal authority, part of which will be used for producing certified seed which he intends to sell to local potato producers. Phophi has expanded 30 ha to 40 ha for potatoes supplied to Simba, with a further envisaged expansion of 150 ha.

Due to limited water supply and infrastructure, Phophi was

given an option by Simba to have an outgrower programme, in terms of which he can contract farmers under the PSA Enterprise Development Programme who are situated in close proximity, to also grow potatoes for Simba on his behalf.

Opportunities required that can assist Raletjena Farming in growing as a commercially viable agricultural concern, include:

- Access to affordable finance for machinery & infrastructure.
- To use the current farm, which is still owned by the government,



Seed harvesting at Raletjena Farming.

as collateral. Government has offered Phophi an option to buy the current land that he is leasing. However, he is unable to obtain financing from the banks due to the tight collateral requirements.

- Information on how to become a certified seed potato producer.

Selamoola & Sons Boerdery: Johannes Selamolela

Johannes Selamolela farms with potatoes on Selamoola & Sons Boerdery’s farm in Limpopo. For the past five years, he has been planting potatoes and in 2021 was in his third year of the PSA Enterprise Development Programme. He planted Mondial on 6.5 ha with harvesting that commenced in the early weeks of November 2021. The entire harvest was sold as ‘unwashed potatoes’ to Mozambican traders and to Soetdoring in Dendron.

The farm has successfully implemented the envisaged

production plan under the mentorship of Alex Jandrell and Wouter Van Amstel, a local commercial potato farmer and also PSA Board member. The DALRRD also supported Johannes with the development of water infrastructure, chemicals, and fertilisers. Furthermore, Novon provided him with crop protection technical advice.

To conduct his farming operation, Johannes acquired a 170 ha portion of land through a PTO from the local tribal authority. The local community has raised concerns over the expanse of grazing land taken up by his potato operations, and this is preventing Johannes from expanding his production. However, Johannes has entered into a ten-year lease agreement for a 200 ha farm in Pickum.

Infrastructure on Selamoola & Sons Boerdery consists of a 10 ha centre pivot (reduced to 6.5 ha due to lack of water), 960 000 litre



Johannes Selamolela from Selamoola & Sons Boerdery. (Photograph: Masabatha Motsoeng)

reservoir and four boreholes. As far as mechanisation is concerned the enterprise has tractors, a maize harvester, disc harrow, chisel plough, slasher as well as a potato harvester. Johannes is also involved in the production of other commodities such as butternut, baby marrows, patty pans, green peppers and cabbage which are sold at the national fresh produce markets.

Johannes plans to expand by 10 ha in the 2022 season. He acquired a grant funding of R5 000 000 from DALRRD which he will use to purchase an additional 10 ha centre pivot, a 950 000 litre reservoir, fencing and production inputs for the 16.5 ha potato crop.

Opportunities required that can assist Raletjena Farming in growing as a commercially viable agricultural concern, include:


- Access to funding for an own packhouse with a potato sorting and washing machine.
- Access to the national fresh produce markets.
- Funding for planting and harvesting implements. 📍



Josh Jandrell, mentor assistant, Johannes Selamolela, Dr Ben Pieterse, PIDD chairperson, and Alex Jandrell, mentor.

For more information on PSA’s transformation projects, email Nomvula Xaba at nomvula@potatoes.co.za.

betroubare beskerming, kom reën of son



- ✓ Langdurende beskerming danksy Lok+Flo™ tegnologie
- ✓ Betroubare beheer ongeag die weer, reënvas binne 15 minute
- ✓ Onderbreek die lewensiklus van laatroes op 3 stadiums

REVUS®. Die slim keuse vir beheer van laatroes.



syngenta

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.

REVUS® bevat Mandipropamid 250 g/l (Reg. nr. L8617, Wet nr. 36 van 1947). VERSIGTIG.
REVUS®, die verwantskapaam, die doelwit-ikoon en die woord Syngenta is handelsmerke van 'n Syngenta groepmaatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van hierdie dokument is voorbehou. Alle onregmatige kopiëring word verbied.

Lauretha Mohlala: The sky is the only limit

By Rotondwa Raligidima, Potatoes SA

Lauretha Mohlala was born and raised in the small village of Bushbuckridge, Mpumalanga. Hers was a very disciplined household with her housewife mother playing a significant role in her early childhood development, teaching her how to read and write and ensuring that she never missed a day at school.

